IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Ass 2

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-02-25

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRüGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 181

(Bladsye 9 316 - 9 382)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 25 FEBRUARIE 1987.

TEBELLO EPHRAIM RAMAKGULA, v.o.e. (Deur tolk)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Laat ons aan die begin net een ding duidelik kry, u het voordat u hier kom getuienis gee, voor die Staatsaak aangebied is, het u opdragte gegee aan u regsverteenwoordigers in verband met al die gebeure wat u hier oor getuig het? -- Ja, maar alvorens ek daardie vraag antwoord kan ek miskien toegelaat word om iets reg te stel wat ek eintlik nie mooi verstaan het toe mnr. Bizos my gister gelei het daaromtrent nie?

HOF : Is die antwoord op hierdie vraag ja, behalwe vir die regstelling wat u nou gaan maak? -- Ja, ek sê so.

Ja, wat is die regstelling? -- Gister was ek gevra aangaande een van die beskuldigdes, as ek reg onthou was dit Mkhambi Amos Malindi, die gewese beskuldigde nr. 12.

Ja? -- Daar het ek gesê in antwoord op sy vraag toe ek gevra was waar het ek hom vir die eerste keer gesien en het ek gesê ek het hom in die vragmotor, dit wil sê in die vervoer vir die eerste keer gesien. Dit was nie korrek nie. Die korrekte verhaal is dat ek en hy saam in hegtenis geneem was. Met ander woorde, na ek in hegtenis geneem was het ek hom vir die eerste keer by die polisiestasie gesien.

Is dit die hele regstelling? -- Ja, dit is al.

MNR. FICK : U het ook aan u advokate gemeld in verband met u taalvermoëns, soos u dit gister hier uitgespel het, dat u bittermin Suid-Sotho kan skryf, lees. U Zoeloe is baie swak en skynbaar is u Tswana net so swak. U verstaan dit nie? -- Ja, ek het hulle laat weet dat ek nie Zoeloe en Tswana so goed verstaan nie. Met die gevolg is ek het probleme om te volg as 'n persoon daardie twee tale besig.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En Engels verstaan u ook glad nie? Dit het u ook vir u advokate gesê? -- Ja, dit is so. Hulle weet. Miskien sal ek 'n woord of twee kan volg in Engels, maar 'n taal wat ek beter verstaan is Afrikaans.

En om die ding te voltooi, wat u wel verstaan is Suid-Sotho? -- Ja, dit is Sotho.

Voor 9 Oktober 1983 daardie eerste vergadering wat u bygewoon het, het u ooit in u lewe vantevore deelgeneem in politiek of enigsins daarin belang gestel? -- Wat ek gedoen het, was, ek het deelgeneem aan die verkiesings van die raadslede voor dit.

<u>HOF</u> : Bedoel dit u het gestaan as kandidaat of beteken dit u het gaan stem? -- In die sin dat ek teenwoordig was en ek het vir iemand gestem.

<u>MNR. FICK</u> : Het u enige vergaderings van politieke aard bygewoon in daardie tydperk van die verkiesings? -- Gedurende 1983?

Ja? -- Ek het nie daardie tyd die verkiesings bygewoon nie.

<u>HOF</u> : Die vergaderings? -- Ek was by een van die vergaderings gewees.

<u>MNR. FICK</u> : Watter een praat u van? -- Dit is die een van die raadslede.

Wanneer was die vergadering van die raadslede gehou wat u bygewoon het? -- Ek kan nie met sekerheid sê wanneer dit was nie, maar dit was om en by die einde van die jaar 1983.

Waar was die vergadering? -- Gebied 7.

Waar in Gebied 7? -- Naby die Kommissaris.

By die Kommissaris of naby die Kommissariskantoor? -- Naby. Nie by nie, maar naby.

Maar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Maar is dit ŉ huisvergadering wat u van praat of is dit ŉ massavergadering in ŉ kerk of in ŉ saal of wat? -- Dit was ŉ vergadering wat in ŉ kerkgebou gehou was.

Watter kerk is dit? -- Ek weet nie wat die naam van die kerk is nie.

Wie was die raadslede wat die vergadering gehou het? -- Ek weet nie of hierdie persoon later ŉ raadslid geword het nie, maar die persoon wou gekies gewees het as ŉ raadslid. Sy naam was Mokolopo.

En hierdie vergadering wat u van praat, was dit na die vergadering toe die VCA gestig is of voor die tyd? -- Dit is na die stigting.

Kan ek dan aanvaar dat u tot by die vergadering van die stigting van die VCA nooit enige politieke vergaderings in die Vaal bygewoon het nie? -- Ek sal u vra om te volg presies wat ek sê. Wat ek sê is, ek het eers deelgeneem waar die raadslede se vergaderings betrokke was. Dit wil sê ek het te doene gehad met die raadslede, alvorens ek deelgeneem het aan die vergadering van die VCA wat eintlik later daar gekom het. Dit is nie eers die VCA en dan die raadslede nie, maar die raadslede eers en dan die VCA.

Ek is bevrees, dan begin ons weer voor. Watter raadslede se vergaderings het u bygewoon voor die stigting van die VCA? -- Ek het gesê die heel eerste ding was toe ek deelgeneem het en gestem het vir die kiesing van ŉ raadslid.

Nee, die vraag is watter vergaderings van raadslede het u voor die stigting van VCA bygewoon? -- Ek het die vergadering van mnr. Monakhotla bygewoon. Dit is na hy gekies was.

HOF : Is dit al? -- Ek het twee of drie van sy vergaderings

bygewoon/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bygewoon.

MNR. FICK : Wanneer is die man verkies wat u van praat? -- Dit was in die jaar 1977. Ek kan net nie sê watter maand dit was nie.

HOF : En het u in 1977 daardie vergaderings bygewoon? -- Ek kan onthou dat ek wel 'n vergadering in 1977 bygewoon het en as ek reg is ook in 1978 het ek 'n vergadering bygewoon van hom, maar ek kan nie presies sê wanneer dit was wat hy hierdie vergaderings gehad het nie.

MNR. FICK : Nou verstaan ek u dan ook reg dat daar van 1978 af 'n tydperk van ongeveer vyf jaar verloop het voor u weer 'n politieke vergadering bygewoon het? -- Ek het nog nie getel nie, ek weet nie.

Maar die eerste een na daardie vergadering van daardie raadslid was dit stigting van VCA? -- Ja, u is reg.

Die dag van 9 Oktober 1983 is u na u broer toe, sê u? -- Ja, dit is reg.

Hy was siek? -- Ja, hy was siek. U is reg. Hy het moeilikheid gehad met sy knie.

Wat was u plan gewees die dag van 9 Oktober 1983 toe u nou daar opgestaan het die oggend? Wou u heeldag by u broer gaan kuier het of het u ander planne vir die dag gehad? -- My bedoeling was dat ek my broer sal gaan sien en terwyl ek daar is, sal ek aan my ander dinge aandag moet gee. Dit wil sê na my ander plekke toe gaan waaraan ek kan dink terwyl ek by my broer is.

Met ander woorde, toe u na u broer toe is, het u nog nie planne gehad nie, maar u het gedink u sal êrens heen gaan, maar u sal die planne maak terwyl u by u broer is waarheen u sal gaan? -- Ja, u is reg daar.

Aan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Aan watter kerk behoort u? -- St. Paul.

Watter geloof is dit? Anglikaans, Rooms Katoliek? -- Dit is ŉ Apostoliese Kerk.

U gaan toe daar na u broer toe en daar by die bus kry u jong mense wat besig is om pamflette uit te deel? -- Toe ek afgeklim het van die bus, nie toe ek by die bus kom nie. Toe ek afgeklim het, het ek dit opgemerk.

Het u een van die pamflette vir u gevat of het u maar net die ding gelees? -- Terwyl ons van die bus afgeklim het by hierdie bushalte as passasiers, het die kinders daar gestaan wat besig was om die pamflette te versprei en vir die mense te gee wat van die bus af klim. Dus was ek ook een gegee wat ek saamgeneem het.

Al wat u verstaan het van die ding is "mhlangano" wat beteken om 13h00 en daar staan van die Rooms Katolieke Kerk Gebied 12? -- Ja, hier staan dit geskryf 13h00. Dit sien ek. En daar staan geskryf "mhlangano". Ek weet wat dit beteken. Hier staan Gebied 12. Ek weet wat dit beteken. Selfs die kerk. Ek weet watter kerk dit is.

Dit is al wat u wys geword het uit die pamflet uit? -- Dit is wat ek verstaan het van die inhoud van hierdie pamflet.

En u besluit toe u gaan na die kerk toe? -- Nee, nie onmiddellik nie. Ek is na my broer toe. Terwyl ek by my broer se woning was, is dit waar ek die gedagte gekry het om te dink dat ek maar moet gaan hoor wat sê hulle waaroor gaan die vergadering. Eintlik wat gehelp het daar was dat my broer se huis is geleë naby die kerk. Dit is nie ver nie.

U sien nou hier - laat ek so vra. U het ook mense gesien by die kerk terwyl u daar by u broer se huis was?

Nee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Nee, ek het niemand gesien nie.

Het u nooit enige mense by die kerk gesien voor u self soontoe gegaan het nie? -- Die pad wat ek daar gebruik het het nie by die kerk verbygegaan nie.

Het u geen mense by die kerk gesien terwyl u by u broer was nie? -- Ek het nou net gesê ek het hulle nie gesien nie.

Dan vertel ek nou net vir u sê dat u nie die waarheid vertel nie. U is besig om die Hof nou te mislei. In u hoofgetuienis het u gesê u broer se huis is so vyf tot ses huise van die kerk af en daar is gevra deur My Geleerde Vriend "Did you see any movement there? - Yes, quite a number of people there." "And you decided to go? - Yes." Nou wat nou? -- Dit lyk vir my daar was ŉ misverstand gewees met u vraag. Die kerkgebou is geleë in die hoofstraat van die busse, op die hoek van daardie straat. My broer is in die ander straat, dit wil sê die anderkantste straat. As ŉ mens daar in daardie straat loop na my broer se huis toe is die kerk nie voor jou nie, maar jy loop tot by ŉ "lane", waar jy by die draai van die pad kom alvorens jy by my broer se huis kom, maar ek het u vraag verstaan soos volg. Of ek mense binnekant die kerk gesien het en nie op die werf van die kerk nie. Terwyl ek by my broer se huis is, kan ek wel mense sien wat buite op die erf van die kerk beweeg.

Het u, terwyl u by u broer was, mense buite op die erf van die kerk gesien? -- Nie terwyl ek in die huis was nie. Dit wil sê in my broer se huis nie.

Terwyl u by u broer was, maak nie saak waar nie, maar by sy huis, het u mense by die kerk gesien? -- Jy sal nie kan sien nie.

ŉ Mens sal nie kan sien nie? -- Hoe sal ek hulle sien

as/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

as ek in die huis is?

Wie het vir u gevra of u in die huis was? -- Ek het hier gesê ek was by my broer gewees in die huis. Met ander woorde, wat ek daarby bedoel is, terwyl ek nog steeds binne-in die huis was, sou ek nie die mense by daardie kerk gesien het nie.

Maar dit was nie die vraag nie. Die vraag was terwyl u by die huis was op enige plek, het ek gesê, het u mense buite die kerk gesien? -- Wat ek sê is die volgende. Ek het nie by verskillende posisies by my broer se woning gaan staan en kyk of daar mense by die kerk was wat ek kon sien nie. Met die gevolg, ek is nie in staat om vir u te sê of ek die mense daar sou kon gesien het nie, want ek het net daar gekom en na my broer toe gegaan.

Het u ooit die dag voor u daar na die kerk toe self is mense op die kerk se perseel gesien? -- Soos ek al vroeër gesê het, ek het in 'n ander straat geloop na my broer se huis toe. Daar is 'n laan wat tussen my straat was en die kerk is. As 'n persoon nou by hierdie laan is en hy kyk in die rigting van die kerk, dan kan jy sien dat daar persone is by die kerk. Dit is wat ek gesien het.

ASSESSOR (MNR. KRüGEL) : Het u gesê terwyl u na u broer se huis toe geloop het? -- Ja, op pad na my broer se huis toe.

HOF : Het u deur die laan gekyk en gesien daar is mense by die kerk? -- Ja, buite op die werf van die kerk het ek die mense gesien.

MNR. FICK : Ek stel dit aan u u is besig om die Hof te . mislei. Dit is nie die indruk wat u in u hoofgetuienis gegee het nie. Die indruk wat u gegee het was dat u by u

broer/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

broer was en u het die mense gesien en toe het u besluit om te gaan? -- Nee, wat ek verstaan het was die volgende. Of ek ooit op enige stadium mense gesien het op die kerk se erf. Ek het toe gesê ja en toe verder wat ek verstaan het was die volgende dat terwyl ek by my broer se huis was, na aanleiding van die feit dat ek mense by die kerk op die erf gesien het, het ek toe ŉ besluit geneem - terwyl ek by my broer was nou - dat ek soontoe gaan.

Hoekom het u na hierdie kerk toe gegaan? Dit is nie u kerk nie, dit is nie u geloof nie, u sien daar is ŉ vergadering wat sê om 13h00 in die Rooms Katolieke Kerk, waarom het u gegaan? -- Dit is maar dieselfde ou prosedure van my wat ek gevolg het aangaande vergaderings, selfs met die raadslede. As ek verneem daar is ŉ vergadering daar, dan besluit ek om soontoe te gaan met eintlik geen spesifieke rede hoekom ek soontoe gaan nie. Dan gaan ek net omdat dit ŉ vergadering is.

Is dit u gewoonte om vergaderings van kerke wat nie u geloof is nie by te woon? -- Nee, maar ek was nog nie vantevore by ŉ kerk se vergadering gewees nie. Wat ek hier sê is ek het ŉ vergadering of vergaderings bygewoon wat deur ander mense daar byeen geroep was.

Maar hoe het u geweet dit is nie moontlik hierdie kerk wat ŉ kerkvergadering hou nie? -- Nee, maar die posisie is soos volg. Sê nou byvoorbeeld ek kom daar en ek vind uit dit is ŉ kerkvergadering en ander mense is nie daar welkom nie, dan was daar geen probleem nie. Ek sou net ŉ bus gehaal het en weggegaan het.

Maar wat het u laat besluit dit is ŉ vergadering wat daar gehou gaan word? -- Kyk, ek sê kortliks, met daardie

bietjie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bietjie woorde wat ek daar verstaan het van daardie pamflet, het ek verstaan "mhlangano" is ŉ vergadering wat gehou gaan word. Tweedens, daar is geen kerk wat mense met pamflette sal nooi om na ŉ vergadering van ŉ kerk toe te kom nie. En derdens, toe ek daar gekom het, was dit net ŉ vergadering gewees.

U nader toe nou hierdie kerk en u sien daar enige plakkate of pamflette buite die kerk? -- In my getuienis by dieselfde hof het ek gesê ek het wel ŉ papier gesien wat teen ŉ muur, dit is die "stop nonsense" opgeplak was. Dit was toe ek daar gekom het.

Wat het die papier gesê wat u kon uitmaak? -- Ek het vir dieselfde Hof gesê ek kon nie lees wat daarop staan nie.

Wat se kleur was die papier? Kan u onthou? -- Ek het hier vir die Hof gesê dit was witterig van kleur, eintlik lig van kleur. Ek kan nie met sekerheid sê wat die kleur was nie.

Was dit net die een kleur? -- As my geheue my nie in die steek laat nie, as ek so dink, was dit net daardie ligterige kleur.

Was daar geskryf op die ding? -- Ek het alreeds gesê ek kon nie lees wat daarop staan nie.

U het net die een gesien? -- Ja, dit is wat ek onthou.

Daar was gaan pamflette daar buite nie? -- Ek het net daardie papier gesien wat opgesit was op hierdie muur wat ek alreeds aan die Hof beskryf het. Het ek enige pamflette daar gesien, sou ek vir die Hof daarvan gesê het.

Voor hierdie vergadering wat het u van die UDF geweet? -- Ek het niks daarvan geweet.

Het u êrens al gehoor van die naam UDF voor daardie

vergadering/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergadering? -- Ek het nog van niks gehoor nie.

En United Democratic Front dalk? Het u iets daarvan gehoor? -- Nou prop u my ore toe deur daardie woorde te gebruik, want nou weet ek glad nie waarvan u praat nie.

U kom nou by die vergadering aan en wat is daar besig om te gebeur terwyl u by die saal instap? -- Hulle was besig om liedere te sing.

Hoeveel liedere? -- Ek het vir hierdie Hof gesê ek onthou net een lied.

Senzenina, was hy ook gesing? -- Kyk, as ek reg onthou was u eerste vraag met my aankoms daar wat het daar gebeur?

Ja? -- Ek sê daar was 'n singery gewees van liedere. Senzenina was wel gesing, maar dit was laat in die verloop van die vergadering, nie met my aankoms nie.

Maar met u aankoms was 'n aantal liedere gesing?

HOF : Almal gelyk?

MNR. FICK : Agter mekaar?

HOF : Met die aankoms kan daar net een lied gesing wees, behalwe as meer mense verskillende liede op dieselfde tyd sing.

MNR. FICK : Sedert u aankoms tot voor die vergadering begin het, is daar 'n aantal liedere gesing? -- Dit is wat ek sê.

En u het geen idee wat die ander liedere se name was nie, behalwe een lied? -- Ek het pertinent vir hierdie Hof gesê, spesifiek dat daar wel liedere gesing was, maar ek kan net een van hulle onthou. Leaboka morena is al een wat ek kan onthou.

U kan ook nie onthou waaroor die ander liedere gehandel het as jy nie die name van hulle kan onthou nie? -- Maar

ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ek is dan so duidelik. Ek sê vir u ek onthou net van een lied wat daar gesing was. Dit is die een wat ek onthou van die liede wat gesing is.

Wie was almal op die verhoog toe u daar opdaag? -- Hulle was almal nie bekend aan my nie.

Het van hulle later bekend geword aan u? -- Ja, op die ou end het ek van hulle leer ken. Wat gebeur het is die volgende. Met my aankoms daar het ek niemand geken van die persone wat op die verhoog was nie, maar terwyl ek nog daar was, terwyl die persone nog steeds op die verhoog was, het ek een van hulle geken, dit wil sê een van hulle het bekend geword aan my.

Wie is dit? -- Wat gebeur het is, die mense wat ek oorspronklik daar gevind het, het ek nie geken nie. Terwyl ek nou daar sit het McCamel opgedaag. Hy is die enigste persoon wat aan my bekend was van die persone op die verhoog.

Het van daardie ander mense later aan u bekend geword? -- In die verloop van hierdie vergadering het ek mnr. Vilakazi daar gesien. Dit is beskuldigde nr. 10.

Wie nog? -- Dit is sover ek kan onthou.

Net duidelikheidshalwe, beskuldigde nr. 10 was op die verhoog? --Nee, hy was daar tussen die gehoor gewees.

Ag nee, man, die vraag was van die begin af, wie van die mense op die verhoog het u geken? -- My antwoord op die vraag wat ek goed verstaan het is die volgende. Ek het gesê ek het een persoon op die verhoog geken. Ek het die persoon se naam genoem. Het ek mnr. Vilakazi ook op die verhoog gesien, sou ek vir die Hof gesê het dat ek twee persone op die verhoog gesien het wat aan my bekend was, maar omdat ek hom nie op die verhoog gesien het nie, is

hoekom/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hoekom ek hom apart noem as ŉ persoon wat ek gesien het tussen die gehoor.

Van die mense wat u op die verhoog gesien het die dag, het u van hulle later leer ken? -- Wanneer later praat u van? Op watter stadium? Na my arrestasie of voor my arrestasie?

Tot vandag? -- Ek het gesê toe ek gearresteer was en in die bakkie of in die vervoer was waarmee ons gery het, het ek vir mnr. Ratsomo daar gesien.

Beskuldigde nr. 22? -- Dit is reg.

En wie nog? -- Nee, niemand anders nie.

Het u nooit vir beskuldigde nr. 3 gesien die dag by die vergadering nie -- Glad nie met my oë nie.

Maar as ek dit aan u stel hy het ŉ toespraak gemaak daar op uitnodiging van McCamel? -- Ek sal nog sê ek het hom nie gesien nie.

Maar hoekom nie? U is dan by die vergadering? -- Omdat ek hom nie gesien het nie.

HOF : Ja, maar nou, was u daar tot die einde van die vergadering? -- Dit is so.

MNR. FICK : U het almal gesien wat gepraat het en geluister na hulle, dié wat u kon verstaan? -- Ek het vir hierdie Hof gesê ek het net drie persone geken wat ek na geluister het op die verhoog.

HOF : Wie is die drie? -- Ek het gesê mnr. Shabangu en na Shabangu was dit ŉ dokter gewees wat hulle gesê het is Motlana en ŉ derde persoon het hulle na verwys as mnr. Nkondo.

MNR. FICK : Maar as beskuldigde nr. 3 op die verhoog was en ŉ toespraak gemaak het, sou u dit sekerlik gesien het? -- Ja, ek sou hom baie goed gesien het.

Ons/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ons sal terugkom daarnatoe. Met die singery wat daar aan die gang was toe u by die saal aankom, die liedere so na mekaar, het die mense op die verhoog saam gesing? --Met die singery het almal gesing in daardie vergadering.

En was daar sangleiers? -- Ja, dit is korrek, selfs in Sotho is daar ŉ leier in ŉ singery. In die sin dat as ŉ persoon begin het met die lied om te lei, dan sal die res van die mense volg na die persoon begin sing het. So, daardie persoon beskou ons as ŉ leier van die singery.

HOF : Daar is twee moontlikhede. Die een is dat een persoon insit en dat almal dan saam sing. Die ander is dat die persoon elke keer die reël voorsing en dat die reël dan weer agterna gesing word? -- My antwoord het betrekking op ŉ Sothogewoonte. My antwoord op die vraag is, volgens my gewoonte, die persoon wat die lied begin het, sal dit begin. Dan sal daar een wees wat dan die bewoording vir die res van die mense wat saam sing altyd sal voorsê. Dit is hoe ek dit beskou as ŉ leier van ŉ lied wat gesing word.

Maar ons is eintlik geïnteresseerd in wat op die vergadering gebeur het. -- Dit is presies wat ek sê. Die leier het voorgesing en dan het ons agterna gesing. Dit wil sê na die leier die woorde gebesig het, kom ons agterna.

MNR. FICK : Kan u nog onthou wie was die sangleiers? -- Ek kan nie een van hulle onthou nie.

Dan kan u seker nie betwis as ek vir u sê dat beskuldigdes nrs. 5, 12, 13 en 14 die leiers was nie? Die gewese nr. 12? -- Ek het dit nie gesien nie.

HOF : Wel, bedoel u dit was nie hulle nie of bedoel u dit kon hulle gewees het, maar u kan dit nie onthou nie? -- As ek sê ek het hulle nie gesien nie, beteken dit ek kan niks

sê/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sê omtrent daardie persoon wat ek nie gesien het nie.

MNR. FICK : U betwis dit nie? -- Nee, ek sê ek het hulle nie gesien nie. Wat verder kan ek sê?

HOF : Wel, dit is altyd moontlik dat u met u toe oë gestaan het? -- Al staan ʼn persoon met oop oë, hier is mense nou in ʼn vergadering, dit is ʼn groot skare mense in die gehoor en iemand begin die lied van ʼn ander hoek af, kan jy nie sien wie die persoon is nie. Al wat jy kan hoor is iemand lei hierdie lied van daardie kant af. Dit is wat ek bedoel. Ek het nie gesien of hulle dit gelei het of nie en of hulle daar was nie. Ek het hulle nie gesien nie.

MNR. FICK : Die singery het voortgegaan en op ʼn stadium het beskuldigde nr. 22 gepraat op die vergadering? -- Dit is wat ek sê.

Voor die vergadering amptelik begin het? -- Ja, dit is wat ek sê.

En die eerste persoon wat daarna gepraat het, was McCamel? -- Net voor alles begin het, soos ek al vroeër gesê het, is beskuldigde nr. 22 die persoon wat aan die gehoor gesê het dat die persoon wat ons voor gewag het, het nou opgedaag. Na hy dit gesê het was daar toe ʼn gesprek gewees. Daarna bedoel ek dat McCamel eers gepraat het na beskuldigde nr. 22.

En die eerste spreker na McCamel sê u was Shabangu? -- Ja, ek sê so.

Laat ons net die volgorde reg kry. Na Shabangu wie het toe gepraat sê u? -- Ek sê dit is die dokter, Motlana.

En daarna Nkondo? -- Ja, u is reg.

Dit is nie wat beskuldigde nr. 8 vir die Hof gesê het nie? -- Wie het so gesê?

Beskuldigde nr. 8? -- Wat van hom?

Hy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hy het gesê dr. Motlana het eerste gepraat? -- Hy noem dit ook op sy manier hoe hy dit onthou. Dit is sy geheue daardie. Ek weet nie wanneer hy daar gekom het en wat gebeur het toe hy daar kom nie. Ek getuig oor wat ek kan onthou wat my geheue my toelaat.

En beskuldigde nr. 8 het ook gesê dat Shabangu na Nkondo gepraat het? -- My antwoord op die vraag is, sy geheue, dit wil sê Nkopane se geheue is dit wat hy getuig. Ek weet nie.

Voor ons nou by die toesprake kom. Kan u betwis dat daar plakkate en baniere binne-in die saal was? -- Ek sal u vra om my mooi te verstaan dat ek nie verstaan wat ŉ banier is nie. Ek weet nie wat die plakkaat is waarvan u praat nie. As u dit miskien vir my kan beskryf, wat se soort ding dit is waarvan u praat, want in die kerk is daar portrette teen die mure. Jy kan nie sê watter een is watter een nie.

Kom ons sê ŉ plakkaat wat van karton of harde materiaal gemaak is en wat teen ŉ muur hang met ŉ organisasie se naam op, ŉ spreker? -- Ja, ek verstaan waarvan u praat, maar ongelukkig kon ek nie lees wat daar staan nie. Dus kan ek nie sê nie. Wat ek wel vir u kan sê is dat die papier of die dokumente waarop geskryf was wat by was met ons optog was nie daar nie. Iets soortgelyk daaraan was nie daar gewees nie.

Nou gaan ons moeilikheid kry met die woord soortgelyk? -- Ja, ek sê dit, want kartondose soortgelyk aan die kartondoos wat ek hier voor my sien, was gebruik met die optog daar as plakkate, maar by hierdie kerksaal waar die vergadering gehou was, was daar geen sulke plakkate gewees nie.

<u>HOF</u> : Vertel my net wat was teen die mure van die kerksaal? -- Daar was portrette daar gewees, foto's van enige aard

en/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en dan was daar ook 'n groot stuk lap gewees met 'n vroumens se portret wat hulle sê is Jesus se moeder. Dit is rooi van kleur. Daar was so baie goed van die kerk daar.

MNR. FICK : Het u enige gedrukte, nie handgeskrewe nie, plakkate van karton, nie harde karton nie, teen die muur gesien?

HOF : Van papier of karton? 'n Karton verstaan die getuie is soos daardie bruin doos. Dit verstaan hy onder karton. Of is dit gewone papier soos hierdie?

MNR. FICK : Kom ons begin by papier. Het u enige plakkate van papier teen die mure gesien? -- Ek het dit nie opgelet nie.

'n Banier? Hy is van lap gemaak gewoonlik waarop streke of organisasies se name staan. Kan u betwis of daar van die goed was in die kerk? -- Ek het gesê daar was so baie dinge daar gewees. Portrette en dan was daar lappe gewees met geskrewe goed en portrette van mense. Selfs Jesus se portret was op 'n lap gewees, maar ongelukkig van dit wat geskryf was kon ek nie lees om vir u vandag te kan sê wat daar op geskryf was nie, wat dan 'n aanduiding sou gewees het vir my dat dat dit eintlik niks te doen het met die kerk nie.

Ken u die organisasie met die naam van COSAS? -- Nee, ek ken hom nie.

HOF : Nog nooit daarvan gehoor tot vandag toe nie? -- Ek het eers daarvan begin hoor met die voorbereiding van hierdie saak se verdediging toe die aanklaers daar met dokumente gekom het. Van die dokumente is bespreek tussen ons. Dan hoor ek my mede-beskuldigdes praat van COSAS. Ek het toe by hulle gehoor wat dit beteken.

MNR. FICK : En "Release Mandela Committee", RMC, het u

vantevore/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vantevore van hulle gehoor? -- In hierdie saak, ja.

Voor die saak? -- Nee, glad nie, nooit.

Kom ons kom dan by wat u noem die eerste spreker was Shabangu. U sê u het moeilikheid met sy toespraak gehad, want u kon die ding nie ordentlik verstaan nie? -- Ek kon nie alles gevolg het nie, want hy het maar sy taal gemeng.

In u hoofgetuienis sê my nota het u gesê op 'n vraag of u verstaan het wat hy gesê het, toe sê u "Here and there"? -- Dit is wat ek nou net gesê het, ek het hier en daar verstaan.

Het Shabangu lank gepraat? -- Ek wil nie my self vaspen nie en ek het nie na tyd gekyk nie.

Was dit 'n kort toesprakie of was dit 'n lang ding? Kan u glad nie sê nie? -- Al wat ek kan sê is hy het daar gepraat tot hy sy toespraak voltooi het. Hoe lank dit was sal ek nie kan sê nie.

En die rede waarom u net so hier en daar verstaan het wat die man gesê het, is omdat hy meeste van die tyd Tswana gepraat het, want as hy meer Suid-Sotho gepraat het, het u verstaan wat aangaan? -- Het hierdie persoon die Sotho gebesig wat ek verstaan, sou ek vir u vandag kon gesê het wat ek nog kan onthou, al sou ek nie alles onthou nie, maar weens die feit dat hy nou hier en daar woorde gebruik het wat ek nie verstaan het nie, dit wil sê ek kan nie vir u meet en sê ek het omtrent soveel van sy toespraak verstaan en soveel kon ek nie verstaan nie. Dit is hoekom ek sê ek het hier en daar verstaan wat hy sê.

Het hy die meeste Tswana gepraat of die meeste Suid-Sotho? -- Sy taal was gemeng gewees.

<u>HOF</u> : Het hy Suid-Sotho met Tswana gemeng of Pedi met

Tswana/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Tswana? -- Ek weet nie presies wat die verskil is tussen Tswana en Pedi nie, maar my beskrywing van die taal wat hy daar gebesig het, is dat hy Sotho en Tswana gebesig het.

MNR. FICK : Jammer ek hou so aan daaroor, maar ek sal dit vir die laaste keer vir u vra. Het hy die meeste Tswana gepraat en hier en daar Suid-Sotho daarom het u net hier en daar verstaan? -- Wat ek sê die man het sy taal gemeng. Daarby bedoel ek, byvoorbeeld terwyl hy besig was met 'n sekere hoof wat hy besig was om te bespreek, het hy in dieselfde sin 'n mengsel gemaak van woorde. Dit wil sê Tswana en Suid-Sotho in dieselfde sin. Dit is wat ek bedoel dat hy 'n mengsel van die taal gepraat het.

Het hy Tswana gepraat toe meng hy dit met die Suid-Sotho? Wat was die basiese taal wat hy gebruik het? -- Ek sal vir u 'n voorbeeld gee. Die man het so gepraat. Hy sal byvoorbeeld in Sotho sê "Dumêla" en dan die volgende ding vra hy "Hoe gaan dit?" Watter taal is dit?

Hoekom ek vir jou hierdie ding vra, as jou advokaat dit stel aan getuie IC.8 dat Shabangu het nie hierdie goed gedoen wat jy sê nie. Shabangu het 'n "typical Southern Sotho" gepraat? -- Dit hang af. Die persoon wat daardie instruksies vir die advokaat gegee het, het miskien daardie mengsel van die taal goed verstaan as Sotho en ek het dit nie verstaan as Sotho nie. Met die gevolg daardie persoon was geregtig om vir die advokaat daardie instruksies te gee omdat hy dit goed verstaan het.

HOF : Nee, wat hier staan is dat hy 'n tipiese Suid-Sotho gepraat het? -- Dan sal ek moet sê ek het nie gehoor dat daardie persoon suiwer Sotho praat nie.

MNR. FICK : Maar u het seker darem, soos u aan die begin

gesê/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gesê het, opdrag gegee aan u advokaat oor wat hier gebeur het en wat die mense gepraat het en wat u verstaan het? -- Dit is korrek.

Het u vir hom gesê dit kan nie so wees nie, die man het nie tipies Suid-Sotho gepraat nie? Dit verskyn in volume 20 op bladsy 886.

MR BIZOS : The issue there is whether he spoke English and Zulu. My Learned Friend is entitled to make the point, but that was the ... (Court intervenes)

COURT : It makes a bit of a difference whether it is "typical Southern Sotho" or a mixture of Tswana and Sotho.

MR BIZOS : I accept that and My Learned Friend is entitled to put the point. I merely want to place on record ... (Court intervenes)

COURT : There is no point in putting it on record when it is on record. The previous line he says he was mixing English with Zulu.

MR BIZOS : And that is what it was directed to, that it was not English and Zulu.

HOF : Kan u onthou watter taal het IC.8 gepraat in die hof? -- Ek onthou dat hy Sotho gebesig het hier.

U Sotho? -- Ongelukkig het ek toe nie daarop ingegaan om te bepaal of sy Sotho die suiwer Sotho is wat ek besig nie en of dit net Sotho is wat 'n mens kan verstaan nie. Het ek miskien daarvan geweet, sou ek pertinent daarna opgelet het.

MNR. FICK : Kon u hom verstaan toe hy gepraat het? -- Ja, ek onthou dat ek van die goed verstaan het wat hy hier gebesig het.

En u het nie reggestel wat hier gestel is aan die

man/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

man dat dit is nie so dat hy tipiese Suid-Sotho gepraat het nie? -- Op daardie vraag sal ek vir u sê, ek en my mede-beskuldigdes nou daar is nie almal Sotho-sprekend nie. Daar is van ons wat Sotho en Tswana besig. Daar is van ons wat Sotho, Tswana en Pedi goed magtig is en so 'n persoon sal kan sê dat die persoon suiwer Sotho gebesig het terwyl die persoon miskien Tswana ook bygevoeg het, omdat hy kon volg wat die persoon sê al het hy 'n Tswana-woord gebruik. Dan sal hy nog in staat wees om sê daardie persoon het hierdie taal gebruik van sy keuse omdat hy die taal goed verstaan het, al is dit gemeng. Met die gevolg, ek kan nie daaroor gepenaliseer word en gesê word ek moes dit gekorrigeer het nie.

Net duidelikheidshalwe, toe u by die vergadering aankom, hierdie drie mense wat u geken het as die sprekers, was hulle op die verhoog, Motlana, Nkondo en Shabangu? -- Ek het eers bewus geword van hulle, toe ek sien hulle is daar met die begin van die vergadering toe hulle daar op die verhoog opgestaan het.

MR BIZOS : If My Learned Friend is finished with that point, may I just draw attention to the passage that he put. I have just noticed it. My Lordship may be able to infer from that and the subsequent pages where the instruction came from.

COURT : Yes, where did the instructions come from?

MR BIZOS : "Well, I am going to put to you that he actually spoke in what he describes" and then on the next page.

COURT : It seems to me Mr Shabangu and the witness's views on "typical Sotho" differ.

MR BIZOS : I can actually utter one sentence in four

languages/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

languages.

MNR. FICK : Laat ons nou teruggaan waar ons was. U sê u het bewus geword van hierdie drie here toe hulle opgestaan het op die verhoog? -- Ja, toe die persoon opgestaan het daar en hy word voorgestel, het ek eers van hulle teenwoordigheid daar bewus geword.

Aan die begin toe McCamel begin praat het, het hy hulle voorgestel as gassprekers? -- Nee, nee, wat ek vir die Hof hier gesê het was die volgende. Die voorsitter het altyd die mense voorgestel net voor die persoon daar met die toespraak begin het en gesê wie die persoon is, waarvandaan hy kom, dan die persoon die kans gegun om die toespraak te maak. Hy het nie mense voorgestel terwyl hulle daar gesit het en gesê "Ons het daardie man en daardie man en daardie man, hulle kom van so plek af" nie. Dit is nie die prosedure wat hy gevolg het nie.

Dan Shabangu, kan u betwis dat hy voorgestel is as ŉ lid van die UDF onder andere? -- Wat ek gehoor het, was die volgende. Hy is voorgestel deur mnr. McCamel as ŉ spreker wat vanaf Soweto Civic kom. Dit is al wat ek gehoor het.

Dan vra ek u nou weer, kan u betwis dat hy ook voorgestel is as ŉ lid van die komitee van UDF? -- Nie wat ek met my ore gehoor het nie.

U kan dit nie betwis nie? -- Die einde van my antwoord is dat ek dit nie met my ore gehoor het nie. Ek kan dit nie verder as dit antwoord nie.

HOF : In watter taal is hy voorgestel deur McCamel? -- McCamel praat suiwer Sotho.

MNR. FICK : U Sotho? -- Presies so.

Waaroor het Shabangu gepraat, die stuk wat u kon

verstaan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verstaan? -- Wat ek gevolg het was toe hy gepraat het oor die stryd van die busse in die tyd van Azikweva en Evaton en toe melding gemaak het van Alexandra ook.

Kan u betwis dat hy ook aan die gehoor die geskiedenis van die ANC voorgehou het? -- Ek het dit nie gehoor nie.

As iemand sê hy het dit gesê, kan u dit nie betwis nie? -- In 'n taal wat ek nie verstaan het nie, miskien.

Net volledigheidshalwe kan ek die Hof verwys na volume 34 op bladsy 1 519. Dit is die getuienis van McCamel. Tusen die sprekers wat gepraat het, is daar ook weer gesing? -- Ek kan nie presies onthou hoe dit plaasgevind het nie. Wat ek wel kan onthou is dat daar 'n singery was, maar of dit nou tussen die sprekers was of op enige ander stadium, kan ek nie onthou nie.

Dan kan u ook glad nie ontken of enigiets sê oor die liedere wat gesing was nie? -- Ek kan dit nie betwis nie. Ek sê dan self daar was liedere wat gesing was.

Ken u die lied Thambo Usehlathini Ufundise Amajoni? -- Ek het gehoor toe daarvan gepraat was hier in die hof.

Die vraag is, was dit gesing op die vergadering? -- Ek het dit nie gehoor nie.

U kan dit ook nie ontken nie? -- Ek dink ek het al verskeie kere in hierdie hof gesê dat oor 'n ding wat ek nie verstaan nie, het ek geen kommentaar nie.

HOF : Ja, maar ek het 'n probleem met u antwoorde. Ek sal vir u sê waarom. As u sê "Ek het dit nie gehoor nie", kan dit beteken dat dit is nie gesê nie of dit kan beteken u het dit nie verstaan nie, maar dit kon gesê wees. So, met hierdie lied. Dit kan wees dat die lied glad nie gesing is nie, of dat u sê daar is liedere gesing "wat ek glad nie

verstaan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verstaan het nie en dit kan een daarvan gewees het." -- Ek sal dit vir die Hof moet verduidelik.

Ja? -- As ek sê as ek ŉ ding nie gehoor het nie, sal ek sê daar bestaan nie so iets nie. Dan beteken dit dat ek dit glad nie gehoor het nie. As daar nou ŉ stelling gemaak word van iets wat plaasgevind het waarmee ek nie saamstem nie, dit kan wees dat dit daar was, maar ekself het dit nie gehoor nie, dan sal ek sê ek het dit nie gehoor nie. Dit wil sê ek stem nie saam met die stelling nie.

MNR. FICK : U verduideliking is duister, met respek. Dit kan nie so aangaan nie. -- Luister na wat ek sê. Hier is ŉ persoon byvoorbeeld wat hierdie bottel hier neergesit het en jy weet jy het ŉ bottel daar neergesit. Ek het nie gesien dat die bottel deur u daar neergesit is nie. Hier loop ek nou na ŉ ander plek toe en iemand anders vra vir my van daardie bottel wat jy daar neergesit het wat ek nie gesien het nie. Ek sal sê ek het dit nie gesien nie. ŉ Ander persoon wat dit gesien het, as hy gevra word, sal sê "Ek het dit gesien." U moet my nou hier verstaan. Ek ontken dat daar ŉ bottel was omdat ek dit nie gesien het nie. As ek sê ek het dit nie gehoor nie, dit wil sê die lied het ek nie gehoor nie, beteken dit dat ek ontken dat daar so ŉ lied was wat my betref.

HOF : Ja, maar dit is tog heeltemal ŉ verkeerde benadering. Ons weet in die hof hier langsaan sit ŉ landdros, maar omdat ek hom vandag nie gesien het nie, kan ek mos nie sê daar sit nie ŉ landdros in die hof langsaan nie. Die beste wat ek kan sê is ek weet nie. -- Ja, dit is heeltemal reg.

Nou ja, dan moet u nou in die vervolg sê "Ek weet nie" as u nie weet nie en as u ŉ ding spesifiek ontken dat

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit daar is, met ander woorde as u weet dit is nie daar nie, K557 dan sê u "Nee, dit is nie daar nie." -- Die Hof is heeltemal reg. Dit is hoe ek die ding verstaan, maar dan vra die advokaat weer vir my 'n verdere vraag na ek daardie antwoord gegee het. "Kan jy dit betwis?"

Ja, dan sê u "Ek weet nie." -- O, nee, dan sal ons maar so aangaan.

MR BIZOS : Whilst we are clarifying matters. I have had an opportunity of reading page 1 519 in which My Learned Friend put to the witness that McCamel gave the history of the ANC.

COURT : Shabangu.

MR BIZOS : Shabangu. He does not say that he gave the history of the ANC. He gave the history of the struggle, but he began with the formation of the ANC. There is quite a difference. If My Learned Friend expects exactitude from the witness, I would ask him to be a little more exact himself. Your Lordship will see it on line 20 "Waaroor het hy gepraat? Het hy gepraat van die gesukkel van die mense vantevore, waar dit begin het, dat die mense baklei om die reg te kry? - Met ander woorde, ek sal sê hy het gepraat oor die geskiedenis van die 'struggle'." "Waar het hy begin met die geskiedenis? - Hy het begin by die punt wat die rede was hoekom die ANC bestaan het as gevolg waarvan ..." and Your Lordship wanted clarification "Bestaan het of ontstaan het? - Begin het." "Ontstaan het? - Ja. Hy het ook verder gepraat oor hoe die Swartmense baklei het om hulle regte te kry. Hy het uitgebrei op hierdie 'struggle' van die mense" and then he goes on to Evaton and the others. He did not give the history of the ANC.

MNR. FICK/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

<u>MNR. FICK</u> : Hy het in die geskiedenis van die "struggle" het hy die geskiedenis van die ANC gegee.

<u>HOF</u> : Noudat almal hulle standpunte gestel het, ek hoef gelukkig nie hieroor 'n diepgaande uitspraak te gee nie.

<u>MNR. FICK</u> : Verstaan ek u dan nou na hierdie lang uiteensetting van wat u bedoel met u antwoorde, dat hierdie lied oor Thambo, u kan nie betwis dat hy gesing was nie? -- Ek weet nie.

Daar's hy. U sê vir die Hof die volgende persoon wat gepraat het was dr. Motlana? -- Ek sê so.

Hoe is hy voorgestel? As wat? -- Hy was voorgestel as 'n persoon wat van die Soweto Civic af gekom het. Iets was gesê van die "Ten", "Committee Ten", iets van daardie aard, dat hy daaraan ook behoort.

Toe hy voorgestel is aan die gehoor, van waar het dr. Motlana gekom. Van daar af het hy opgestaan en waar was hy toe hy voorgestel is? -- Vanaf die verhoog.

Het u gesien toe hy op die verhoog gekom het die dag? -- Nee, ek het hom nie gesien daar aankom nie.

Weet u of hy op die verhoog was toe u daar aangekom het? -- Ek weet nie. Ek het dit nie opgelet nie. Tweedens, hy was nie aan my bekend nie. Dus weet ek nie.

Behalwe Lord McCamel, was daar nog iemand anders wat laat opgedaag het by die vergadering? -- Ek weet nie.

Hoe ver was u van die verhoog af waar u gesit het? -- (Getuie dui distansie aan)

<u>HOF</u> : Ongeveer 12 meter.

<u>MNR. FICK</u> : Het daar iemand opgedaag by die verhoog terwyl mnr. Shabangu gepraat het? -- Ek het dit nie opgelet nie.

Sou u gesien het daar kom nou iemand op die verhoog

opgeloop/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

opgeloop terwyl mnr. Shabangu praat? -- Daardie verhoog was vol mense gewees wat daar gesit het en ek het nie spesifiek opgelet na mense wat beweeg daar om te kan sê wie daar beweeg het of uitgegaan het of ingekom het nie.

En dr. Motlana, het u enigiets van sy toespraak verstaan? -- Ek het glad nie gevolg wat hy gesê het in sy toespraak nie, want hy het die toespraak in Engels gelewer en dan Tswana ook gebruik. So, ek het glad nie gevolg nie.

Toe die tweede man nou praat wat u nie kan verstaan nie - kyk, van Shabangu het u bitter min verstaan en hierdie man verstaan u glad nie - hoekom bly u in die vergadering? Hoekom loop u nie? -- Nee, maar ek kon dit nie doen nie. Kyk, ek het die vergadering bygewoon met die oog daarop om te sien wat gebeur in hierdie vergadering. Ek was nie by hierdie vergadering gewees vir die persone wat nou daar toesprake gelewer het wat ek nie kon volg nie, want ek het nie geweet wat dan later sou gebeur het na die persone wat ek nie verstaan nie klaar gepraat het nie. Met die gevolg dit was nie reg vir my om sommer weg te loop nie.

Ondanks die feit dat hier twee mense na mekaar praat en u verstaan hulle nie? Dit is nie u kerk nie en u weet nie wat hier aangaan nie en nou sit u maar? -- Ja-nee, daar is niks verkeerd daarmee nie. Ek bly sit in die kerk al preek die predikant in Engels. Dan sit ek nog in daardie kerk tot tyd en wyl iemand kom wat miskien in Sotho sal praat, maar nogtans sal ek sit in die kerk en wag.

Na Motlana gepraat het, sê u was dit Nkondo? -- Ek sê so, ja.

Watter taal het hy gepraat? -- Hy het net Engels gebesig.

En hy het 'n tolk gehad? -- Ja, dit is so.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was dit nie vir u eienaardig dat die vorige man nie 'n tolk kry wat ook Engels praat nie? Ek sal die woord snaaks uitlos.

HOF : As u snaaks bedoel kan u dit gebruik. -- Nee, dit was nie vir my snaaks nie. Miskien het die mense in beheer van die vergadering dit later goed gesien om 'n tolk te verskaf omdat hulle geweet het mnr. Nkondo gaan net Engels besig. Dit kan wees dat hulle 'n les geleer het met die vorige sprekers, dat iemand miskien hulle aandag daarop gevestig het dat daar mense is soos ek, nie net ek alleen nie, maar meer as een persoon, wat nie die tale gevolg het nie. Met die gevolg dat hulle besluit het om 'n tolk op hierdie stadium te verskaf.

MNR. FICK : Ken u vir eerwaarde Lethale? -- Nee, ek ken hom nie.

Weet u wie was die tolk? -- Nee, hy was nie aan my bekend nie.

Watter taal is hierdie toespraak na getolk? -- Sotho.

U Sotho? -- 'n Hoorbare Sotho, dit wil sê wat 'n mens kan verstaan.

U het toe seker met aandag geluister na sy toespraak, want dit is die eerste toespraak wat u kan verstaan? -- Ja, op hierdie stadium het ek goed aandag gegee en geluister.

Wat hoor u toe toe u so goed aandag gee? -- Ek sal nie alles kan onthou of spesifiek kan sê of aanhaal wat die persoon gesê het nie, maar al wat ek vir die Hof kan sê in die algemeen is dat die persoon oor onderwys gepraat het in sy toespraak.

Het hy van die onderwysers gepraat of het hy van die kinders gepraat of van die boeke? Waarvan het hy gepraat?

Hy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Hy het wel melding gemaak van die onderwysers, maar in watter opsig daarvan melding gemaak was, dit is juis wat ek nie kan sê wat hy presies gesê het oor die onderwysers nie. Wat ek wel kan sê is dat hy oor die onderwys gepraat het wat betrekking gehad het oor die onderwysers en nog ander dinge wat te doene het met die onderwys.

Het hy gepraat oor wat algemeen bekend staan as die "SCR's" by die skole? -- Ja, daar was woorde gewees oor die "RC", iets van daardie aard.

En het hy gesê die leerlinge moet hulle eie rade kry in die skool? -- My verduideliking hier in die hof is dat die persoon het oor die onderwys in sy toespraak gehandel. Wat hy gesê het spesifiek oor sekere punte van die onderwys, is wat ek nie kan sê nie. Dit is hoekom ek sê in die algemeen het hy gehandel oor dinge wat te doene het met die onderwys.

Het hy net oor die onderwys gepraat in sy hele toespraak? -- Ja, die meerderheid van sy toespraak het betrekking gehad op die onderwys. Alhoewel hy melding gemaak het van die raadslede of die rade en die "Tricameral" en die parlement.

Wat het hy van die raadslede gesê? -- Hy het gesê dat die mense het nie genoeg magte om sekere dinge te doen nie. Hy het eintlik baie dinge gesê aangaande dit.

Wat het hy gesê aangaande die mag? -- Ek sê in breë trekke het hy daaromtrent gepraat, maar ek sal nie in staat wees om vir u op hierdie oomblik haarfyn te kan vertel wat hy gesê het aangaande dit nie. Al wat ek probeer sê is, om vir hierdie hof in te lig waaroor hy gehandel het, maar nie vir die Hof presies aan te haal wat hy gesê het nie.

Het hy enige voorstelle gemaak wat moet nou gebeur

met/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

met hierdie raadslede wat nie magte het nie? -- Ek het nou net gesê ek kan nie presies onthou wat hy gesê het oor hulle nie. Ek sal liewers in antwoord sê ek weet nie.

Dit pla my dat jy sê jy weet nie, want hier is nou die eerste spreker wat jy kon hoor waarna jy aandagtig luister en jy is 'n man met verskriklike griewe teen die raadslede, nou weet jy nie wat sê die man van die raadslede nie? -- Nee, nee, u moet iets reg stel iewers. Ek het nooit gesê dat ek griewe gehad het oor die raadslede nie. Wat ek vir die Hof hier sê is dat destyds het ek goed gevolg, kon ek nog aanhaal wat die man gesê het, maar weens die verloop van die tyd na die dag tot vandag toe, is ek nie in staat om alles te kan sê of vir die Hof te kan sê waaroor presies hy gehandel het nie, behalwe om dit te sê in breë trekke het hy melding gemaak daarvan.

Het hy wat u nog kan onthou enige voorstelle gemaak aan die gehoor wat moet nou gebeur met hierdie raadslede of die stelsel? -- Ek sal weer moet herhaal vir die Hof. Mnr. Nkondo het gesê die raadslede het nie genoeg magte nie. Met die gevolg hulle kan nie die gemeenskap verteenwoordig nie. U sal moet verstaan, dit is wat oorgetolk was aan ons en dit is nie wat hy direk gesê het nie. Dit is die vertolking waarvan ek praat. Hy het ook melding gemaak van die dinge soos die "tri-parliament", waarin hulle gesê het dat die Swartmense buite gelaat was en ook van die onderwys gepraat het. Wat hy nou presies gesê het aangaande elk van hierdie hoofde wat ek nou net genoem het, dit kan ek nie onthou nie.

Maar het Nkondo nie gekom met 'n oplossing van die saak en gesê "Kyk, ons het nou klagtes oor die raadslede,

hulle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hulle het geen magte nie en hier is nou 'n oplossing, ons moet nou so maak en so maak" nie? -- Ek kan nie onthou nie.

Stem u saam Nkondo is voorgestel deur McCamel aan die vergadering as 'n lid van UDF wat ook met onderwys te doen het? -- Ek het nie gehoor dat iemand enige melding maak van UDF in die voorstelling van Nkondo nie. Wat ek wel verstaan het was dat Nkondo is afkomstig van 'n Civic Association van Soweto en hy het te doene met onderwys. Wat hy wel gesê het terwyl hy besig was net by die slotsom van sy voorstelling van die man, dat die man sal ons meer kan vertel omtrent onderwys. Hy het nie gesê dat die man is van die UDF nie, hy kom nou vir ons vertel van die onderwys.

<u>GETUIE STAAN AF.</u>

<u>HOF VERDAAG.</u> <u>HOF HERVAT.</u>

<u>TEBELLO EPHRAIM RAMAKGULA</u>, nog onder eed

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK</u> (vervolg) : Mnr. Ramakgula, u het 'n verklaring in die saak afgelê aan u regsverteenwoordigers. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

Wanneer was dit? Kan u onthou? -- Ek het 'n verklaring gemaak sedert my arrestasie. Ek kan nie meer onthou wanneer dit was wat ek begin het daarmee nie of wanneer ek klaar was daarmee nie.

Was dit voor die saak in aanvang geneem het in die hof? -- Nee, ek het eers voor die Hof verskyn as 'n beskuldigde. Eers daarna het ek die verklaring gemaak.

<u>HOF</u> : Nee, voordat die saak hier in Delmas begin het? -- Ja, voor ek Delmas toe gekom het, het ek 'n verklaring gemaak.

<u>MNR. FICK</u> : Het u u geheue verfris van die verklaring af voordat u u getuienis kom aflê het? -- Ja, maar my verklaring was mos hier gewees.

Verstaan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Verstaan ek u nou, u het u geheue verfris voor u kom getuig het? -- Ek het 'n verklaring gemaak en dit was aan my oorgelees om seker te maak dat dit wel dit is wat ek gesê het in my verklaring, of dit korrek neergeskryf is.

Kom ons gaan nou maar terug na die vergadering van 9 Oktober 1983. Op die verhoog wat daar gesit het by die sprekers, was onder andere - u het vir die Hof gesê beskuldigde nr. 22? -- Ja, ek sê so.

Wat het hy gedoen terwyl hy daar gesit het op die verhoog? -- Ek het nie opgelet nie, behalwe op 'n sekere tyd.

Dit was amper teen die einde van die vergadering, toe het u weer opgelet wat het hy gemaak? -- Dit is voor die einde van die vergadering, maar die grootste gedeelte van die vergadering was al verby.

Vandag, ken u vir mnr. Khabi? -- Ja, ek ken hom.

Was hy daar op die verhoog? -- Op daardie tydstip het ek hom nog nie geken nie. Dus het ek nie opgelet of ek hom gesien het daar nie.

Vandag, ken u vir 'n persoon met die naam van Mike Kgaka? -- Ek hoor net daarvan dat daar so 'n persoon is, maar ek het nog nie die persoon ontmoet nie.

Esau, was hy op die verhoog die betrokke dag met die vergadering? -- Ek het hom nie gesien nie en destyds was hy nog nie aan my bekend nie.

U ken hom nou intussen. Kan u betwis of hy op die verhoog was of nie? -- Ek kan nie onthou dat ek hom op die verhoog gesien het nie.

Dan het u in u getuienis verwys na beskuldigde nr. 3. U sê u het hom ontmoet by die plek Sun City? -- ja.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Laat ons dit net duidelik kry. Daar is twee Sun Cities. Hierdie een is Diepkloof?

MNR. FICK : Diepkloof. U het reeds ook vroeër gesê u het hom nie gesien die dag van 9 Oktober op die vergadering nie? -- Ja, ek het so gesê.

As ek aan u stel dat hy wel gepraat het die dag en hy het daar saam met ŉ ander mede-beskuldigde van u opgedaag daar by die vergadering, wat sê u daarvan? -- Al wat ek sê is, ek het hom nie daar opgelet nie. Ek het hom nie gesien nie. Dan kan ek niks daaromtrent sê nie.

As iemand sê hy het daar gepraat, kan jy dit betwis en sê nee, hy was nooit daar nie? -- Ek sê ek het hom nie gesien nie. Daar is niks verder wat ek kan sê behalwe dit nie. Die een wat sê hy het hom daar gesien, is ŉ persoon wat hom ken en wat hom dalk gesien het. Ek kan niks daaromtrent sê nie.

Nee, maar wag nou, kan u betwis dat hy daar opgedaag het, dat hy genooi was om te praat en dat hy inderdaad ŉ toespraak gemaak het terwyl u daar gesit het? -- Ek sê ek weet nie, want ek het dit nie opgelet nie.

Daar is ons terug. As een sê hy het gepraat vertel hy leuens? -- Ek sal nie so sê nie.

Maar sou u gesien het as hy uitgenooi was deur Lord McCamel om te kom praat? -- Ek sal so sê, as dit gebeur het dat ek hom kon gehoor het, dit wil sê as dit plaasgevind het binne hoorafstand vanwaar ek gestaan het, sou ek hom gehoor het, maar wat ek sê is, ek het hom nie gehoor nie en ek het hom ook nie gesien nie.

Sou u hom gehoor het as hy gepraat het oor hy ondersteun die idee van ŉ "civic association" wat gestig moet word?

Wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Wat ek vir die Hof kan sê is dat daar baie sprekers daar was en al is hy miskien genooi om daar 'n toespraak te maak, het ek dit nie gesien plaasvind nie. Ek weet nie of hy enige toespraak gelewer het nie. Ek het nie sy toespraak gehoor nie. Met ander woorde, dit is hoekom ek sê ek weet nie.

Het iemand op die vergadering van die verhoog af vir die mense gesê "Hier is 'n kerk, julle moenie rook nie, julle moet respek betoon aan die plek"? -- Al wat ek gehoor het wat McCamel gesê het is dat hy glo dat mense hulle samewerking sal gee.

Mnr. Khabi wat u nou intussen uitgevind het en weet wie hy is, het hy gepraat op die vergadering? -- Ek kan nie onthou nie, ek weet nie.

Het daar iemand van Evaton se gebied gepraat oor die probleme van Evaton of weet u dit ook nie? -- Ek weet nie van 'n spesifieke persoon wat namens die Evaton se mense daar gaan praat het nie, maar wat ek wel kan sê is dat mense het gepraat van Evaton in hulle toespraak. Byvoorbeeld McCamel self is 'n mens van Evaton en op 'n stadium in sy toespraak of opmerkings wat hy gemaak het daar, het hy melding gemaak van Evaton.

Het iemand namens ERPA gepraat, Evaton Rate Payers' Association? -- Ek het niemand gehoor wat namens Evaton Rate Payers gepraat het nie.

Maar u het darem vir Mofokeng gehoor? -- Ek onthou dat iemand homself voorgestel het as Mofokeng.

Die oud-raadslid? -- Dit is hoe hy homself voorgestel het.

Was hy die enigste raadslid of oud-raadslid wat op

hierdie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hierdie vergadering gepraat het? -- Nee, ek weet regtig nie.

As iemand nou hier by die hof kom en vir die Hof sê dat daar nog 'n ander persoon gepraat het, ene Sekwata wat ook verbonde was aan die Raad, wat sal u daarvan sê? Is dit leuens? -- Ek sal nie sê dit is leuens nie, want dalk was die persoon bekend aan die een wat so sê.

U het nie 'n ander man gehoor wat daar gepraat het oor die raadslede en wat hulle gedoen het as raadslede terwyl hy by die Raad was nie? -- Ek onthou mnr. Mofokeng het daarvan gepraat.

Is hy die enigste een wat u aan kan dink? -- Hy is die een waarvan ek kan onthou.

Mofokeng het daar gepraat oor die raadslede en wat die mense aanvang wat verkeerd is volgens hom. Is dit reg? -- Ja, dit is wat hy gesê het.

En hy het twee gevalle genoem van onreëlmatighede? -- Ek weet nie van watter twee u praat nie. Al wat ek kan onthou is dat hy melding gemaak het of iets gesê het van die raadslede.

Die een wat hy van gepraat het is hierdie kwessie van die komberse wat die raadslede en dan deel hulle dit nie uit vir die arm mense en behoeftiges nie. Hulle wag tot voor 'n verkiesing en dan deel hulle dit uit om stemme te kry?-- Dit is wat hy gesê het, ja.

En die ander ding wat hy gesê het is die raadslede vat daar in die woongebiede of kry hulle vleis en dan vat hulle dit na die Blankebeamptes daar by Houtkop en dan gee hulle dit vir die Blankebeamptes? -- Ja, dit is wat hy gesê het dat hulle vleis neem vanaf die lokasie na Houtkop toe, waar hulle gaan toesig dat hulle besighede of dinge wat hulle

raak/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

raak goed moet vorder. Hulle neem drank ook saam na die kantore toe.

Met ander woorde, hulle koop die Blankes om? -- Dit is hoe ek dit verstaan het volgens sy toespraak.

En dit is al wat hy gesê het van die twee klagtes? -- Nee, dit is wat ek onthou gesê was deur hom destyds. Dit wil sê toe hy nou die toespraak gemaak het.

U was baie geïnteresseerd daarin want u het ook probleme gehad met die Raad vantevore? -- Ja, ek het aangaande die raadslid wat ek voor gestem het.

U kan hierdie voorvalle nog baie goed onthou wat hy gesê het in sy toespraak? -- Nee, dit is nie wat ek sê nie. Ek het al vroeër in my getuienis hier gesê dat ek nie alles sal kan onthou wat 'n persoon gesê het nie. Selfs die voorvalle sal ek nie almal kan onthou nie.

Maar hierdie twee voorvalle, stel ek aan u, onthou u goed? -- Ek onthou, want dit is toe hy hom self voorgestel het as 'n gewese raadslid.

Nou wil ek net aan u twee stellings maak. Die verdediging het aan IC.8 gestel in volume 20 op bladsy 899 in verband met hierdie komberse, nie dat die mense die goed gehou het, die raadslede die goed gehou het en vir die mense gegee het om hulle te kry om te stem nie, maar dat die raadslede hierdie goed na die stemmery aan vriende gegee het omdat hulle gestem het vir hulle. Wat sê u daarvan? -- Ek het nie 'n goeie kennis wat dit betref nie, dit is in verband met die komberse. Ek het vir die eerste keer daarvan gehoor toe Mofokeng melding daarvan gemaak het. Dus, ek het nie 'n goeie ondervinding waarop ek iets kan sê nie.

Nee, dit gaan u nie help om so 'n antwoord te gee nie.

U/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

U moet nou maar die vraag antwoord.

HOF : Ja, maar ek weet nie of u daardie stelling heeltemal kan maak op die woorde wat hier staan nie. Daar staan nie "Who had voted for them" nie. Dit sê "Who voted for them" en dit is vatbaar vir twee vertolkings.

MNR. FICK : Dit is so "and to their friends."

HOF : Ja, ek het nie probleme met die "friends" nie "but voted for them" en u stelling is dat dit is na die verkiesing. Ek weet nie of 'n mens dit noodwendig hier uit kan haal nie.

MNR. FICK : Dan stel ek dit aan u dat aan hierdie man gestel is IC.8 dat die komberse is aan die vriende van die raadslede gegee? -- Destyds toe daardie stelling gemaak was aan IC.8 was ons hier twee-en-twintig beskuldigdes gewees. Daar was instruksies gegee aan hierdie verdediging van ons deur een wat miskien goeie kennis gehad het van wat gebeur het met hierdie komberse. Dit sal ek nie betwis nie, maar wat ek sê is dit wat ek nou net vir die Hof van gesê het dat wat ek weet omtrent die komberse is wat die persoon gesê het.

HOF : Wat is u tweede stelling? Hierdie eerste stelling gaan nie eintlik op nie.

MNR. FICK : Die tweede stelling wat ek aan u maak is dat daar is gestel aan hierdie selfde getuie IC.8 dat die raadslede het by die hoofkantoor van Houtkop vir hulle vleis en drank gekry vir hulle eie gebruik. Dit is wat Mofokeng gesê het. "Can you remember that he said that each councillor used to collect sufficient meat and liquor at any time from the council head-quarters at Houtkop for his own use." -- Beweer u dit was die stelling aan getuie IC.8?

Ek beweer daar is gesê dat Mofokeng sou gesê het

hierdie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hierdie raadslede het vleis en drank vir hulle self gevat by Houtkop vir hulle eie gebruik. Dit is wat Mofokeng gesê het en hy het nie gesê van hierdie wat jy nou gesê het nie? -- Ek getuig hier van wat ek gehoor het en wat ek onthou ek gehoor het daar. Ek getuig nie oor wat iemand anders sê nie.

Ja, maar u sien u verteenwoordigers het gestel dat die verdediging gaan kom sê hierdie relaas, dat die klagte van Mofokeng was dat die raadslede vat vleis en drank vir hulle self te Houtkop. Waar kom hy daaraan? -- In antwoord op die vraag sê ek, het die verdediging gesê dat Legwakwa, dit is myself, so sal getuig of het die verdediging gesê dat die verdediging se saak gaan wees die volgende, soos dit gestel was, as gevolg van wat die persoon gesê het wat die verdediging op daardie aspek ŉ instruksie gegee het of hoe verstaan ek die hele ding?

Die punt is die verdediging het gestel aan die Staatsgetuie wat daar gebeur het wat Mofokeng gesê het is ŉ sekere stel feite. Nou kom gee u ŉ ander stel feite. Kan u dit verklaar? -- Dit is mos duidelik. Dit sal wees die saak van die persone, dit wil sê in meervoud. Dit is nie net ŉ persoon soos ek nie. Dit is die verdediging se saak.

Het u vir die advokaat van u u weergawe gegee soos u nou hier in die hof gegee het oor wat Mofokeng sou gesê het? -- Ek het mos nou net in my getuienis gesê wat ek gehoor het wat Mofokeng gesê het.

Antwoord die vraag. Het u vir u verteenwoordigers dit gesê wat u nou vir die Hof sê? -- Ja, ek het. Ek het aan die verdediging gesê wat ek gehoor het daar.

Was dit ooit aan u gemeld deur die verdediging maar

hier/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hier is nou 'n fout, ander mense, van die ander beskuldigdes gee 'n ander weergawe? Wat gaan aan? Kan julle dit opklaar? -- Nee, nee, kyk, die verdediging lê nie woorde in jou mond wat om te sê nie. Hy vra net vir jou van wat jy weet en dan moet jy hom net vertel van wat jy weet. Hy gaan jou nie daaromtrent ondervra om woorde aan jou te gee wat om te sê nie.

Nee, dit is ook nie wat ek gesê het nie. Was dit nie aan u geopper maar daar is 'n ander weergawe ook, het iets anders nie dalk gebeur as wat jy sê nie? Is jou geheue goed op daardie punt? -- Dit was nie aan my so gestel of geopper deur hom nie. Hy het net geluister na wat ek vir hom gesê het.

Mev. Mosieleng, ken u so 'n dame? --Nee, ek ken haar nie.

Het enige dames toesprake gemaak op hierdie vergadering? -- Ja, daar was.

Het u hulle geken of ken u enige van hulle vandag? Kan u sê wie was dit? -- Nee.

Het hulle van die verhoog af gepraat, van die vloer af of van waar af het hulle gepraat? -- Van tussen die gehoor.

Hoeveel van hulle was daar? -- Ek het nie getel nie.

HOF : As u sê hulle het uit die gehoor gepraat, beteken dit hulle het in die gehoor bly staan toe hulle praat of beteken dit dat hulle het van die gehoor af gekom en op die verhoog gestaan? -- Wat ek bedoel is, die persoon het haar hand opgelig daar tussen die gehoor en as daar 'n kans gegee word dat daardie persoon kan praat, het die persoon sommer daar opgestaan en gepraat van waar hy of sy staan.

MNR. FICK/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. FICK : U ken nie een van die dames wat daar iets gepraat het uit die gehoor uit nie? -- Nee, nie een nie.

Vandag weet u ook nie wie dit was nie? -- Ek sê so.

As ons nou praat van enige dames wat gepraat het op die vergadering, sluit u daarby in vrae gestel ook en toesprake gemaak? -- Ek sê daar is dames wat daar gepraat het, maar ek ken geeneen van hulle nie.

As u sê die dames het gepraat, dan is dit ook mense wat vrae gevra het en voorstelle gemaak het en toesprake gemaak het. Is dit reg? -- Ja, alles.

Het Edith nie daar gepraat nie? -- Edith het op 'n stadium gepraat maar ek het later daarvan geweet.

Wat bedoel u nou? Was u nie daar toe sy gepraat het nie? -- Wat ek sê is, hier staan 'n persoon op, die persoon praat, ek weet nie wie die persoon is nie. Eers later het ek vasgestel wie die persoon is.

Luister, u gaan nie daarmee wegkom nie. Ek het vir u gevra voor ons begin het van die dames tot vandag toe nog, ken u enigeen van hulle, toe sê u nee. Nou vra ek vir u weer maar het Edith nie daar gepraat in u teenwoordigheid nie? -- Kyk, dit is twee verskillende dinge. U moet my mooi verstaan. As 'n persoon daar opstaan en praat en die persoon is nie aan my bekend nie, dan is daardie persoon nie aan my bekend nie, maar as ek later gaan vasstel en begin weet oen die persoon leer ken, dan sal ek eers sê ek het die persoon leer ken miskien gister of eergister of vandag as ek met die persoon praat en vir die persoon vra "Maar is jy die persoon wat daardie dag daar 'n toespraak gemaak het?" Dit is hoe ek 'n persoon leer ken.

Toe ek u gevra het of u enige van die dames vandag

ken/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ken wat daardie dag gepraat het, toe het u gesê niemand, nie een nie. Hoekom het u dit gesê as u geweet het dit is Edith? -- My verstaan van hierdie ding is dat as 'n persoon daar opstaan en praat en ek ken nie die persoon nie, sal ek aanvaar daardie persoon is 'n onbekende persoon aan my.

Kan u vir my die vraag antwoord hoekom het u gesê tot vandag toe ken u nie een van die damessprekers nie, vir die laaste maal? -- Wat ek sê, die persone wat toesprake daar gemaak het of wat daar gepraat het, was onbekende persone aan my in die tyd van hulle praat daar.

Ons kan verder daaroor argumenteer. Ek sien ons kom nie verder nie. Daar is sekere besluite geneem, resolusies aanvaar op die vergadering. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

Een daarvan was dat 'n Vaal Civic Association gestig sou word in die Vaal? -- Ja, daar was sulke voorstelle gewees.

Wanneer op hierdie vergadering het u die eerste keer van enigeen gehoor dat hier is voorstelle vir die stigting van so 'n Vaal Civic Association of iemand praat ten gunste van so 'n organisasie? -- Ek volg nie die vraag nie. Kan u die vraag herhaal?

Voor daardie resolusie aanvaar is dat 'n Vaal Civic Association gestig moet word op hierdie vergadering, wie het op hierdie vergadering en op watter stadium die eerste keer gepraat ten gunste van die stigting van so 'n organisasie in die Vaal? -- Wat ek vir die Hof kan sê wat dit betref is die volgende. In die verloop van hierdie vergadering het mnr. McCamel papiere laat oorhandig aan die gehoor wat daar was en bekend gemaak dat daar op voorstelle geskryf sal word van wat die mense wil voorstel, op wie se voorstelle daar dan besluite geneem sal word of dit aanvaar word of

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie. In dieselfde vergadering nog het hy weer gevra dat die mense daardie stukkies papier moet terugbring na hom toe of terugbesorg op een of ander manier. Die persoon wat destyds aan my onbekend was wat ek gesê het het gelees, het toe van die stukkies papier gelees en daardie voorstel was deur hierdie persoon vanaf die papiere gelees.

HOF : Dit is nou beskuldigde nr. 22? -- Ja, wie ek later geken het as Thabiso Ratsomo.

MNR. FICK : En dit was die heel eerste keer wat u gehoor het toe van daardie papier af gelees is dat hier gaan 'n Vaal Civic Association gestig word? Dit raak moontlik vandag? -- Dit is toe hierdie voorstel gemaak was op daardie stukkie papier.

Die Edith wat die dag gepraat het, wat ons nou uiteindelik uitgevind het, watter taal het sy gepraat op die vergadering? -- Sy het Sotho gepraat, maar die Sotho was ook maar 'n gemengde Sotho gewees.

HOF : Gemeng met wat? -- Dit if ôf Tswana ôf Pedi wat sy met Sotho meng.

MNR. FICK : Wanneer het sy gepraat op die vergadering? Op watter stadium? -- Soos ek vroeër gesê het, die stukkies papier met voorstelle was gelees en die voorstel was gelees gewees en toe was daar 'n vraag of ons nou saamstem met hierdie voorstel. Sy het toe opgestaan en die voorstel ondersteun. Dit is hoe sy begin praat het.

Was dit die eerste keer wat sy op die vergadering begin praat het toe sy daar opstaan om die voorstel te ondersteun? -- Dit is wat ek onthou dat sy vir die eerste keer gepraat het toe sy dit ondersteun het.

En dit was nadat beskuldigde nr. 22 nou die papiertjies gehad/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gehad het en die klomp goed uitgelees het, die voorstelle? -- Nee, nee, nee. Wat daar gebeur het was, beskuldigde nr. 22 het 'n voorstel gelees aan die gehoor en toe weer terselfdertyd van die gehoor verneem wat sê hulle daaromtrent. Dit is nie 'n kwessie van dat hy alles gelees het en dit neergesit het en toe gevra het wat die gevoel is van die gehoor nie.

HOF : Elke voorstel is afsonderlik behandel? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : En toe hierdie kwessie van die resolusies behandel is, toe dit begin behandel is, toe beskuldigde nr. 22 die eerste een begin lees het, was na al hierdie sprekers gepraat het, Nkondo, Shabangu en Motlana? -- Ja, dit is korrek.

En ook hierdie ander klomp onbekende sprekers wat u nie weet wie hulle is nie? -- Dit is presies wat ek sê. Dit is na al die sprekers toesprake daar gelewer het dat hierdie voorbereiding gedoen was vir die ooreenstemming oor sekere feite wat daar genoem was.

En duidelikheidshalwe, toe beskuldigde nr. 22 daardie papiertjie uitlees met hiedie resolusie, toe hoor u die eerste keer van die voorstel vir die stigting van die VCA? -- Ja, dit is wat ek sê.

U sien, ek moet dit aan u stel dat in volume 20 op bladsy 902 is daar aan IC.8 'n ander weergawe gestel. Daar is gesê "Because you see, that as soon as the speakers had finished Edith Lethlake from the floor proposed the formation of the civic association for the Vaal and she made a speech to the effect that it had become clear from the numerous speakers' speeches that there was a need for a civic association

and/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

and that the meeting should agree to form that what she called a fully fletched civic body." Nou wat sê u daarvan? -- My verduideliking daarvoor is die volgende. Soos ek al vroeër gesê het, ons verskil hier en daar oor wat daar gebeur het. Dit kan wees dat 'n ander persoon nie gehoor het toe hierdie voorstel van 'n papier gelees word nie, maar eers begin hoor het van hierdie voorstel toe Edith daaromtrent begin praat het ter ondersteuning daarvan. Soos ek alreeds gesê het, ek het daarvan bewus geword toe dit gelees was van 'n stukkie papier as 'n voorstel.

Nee, wag nou. Kom nou, kom nou. U sê vir die Hof na die resolusie deur beskuldigde nr. 22 uitgelees is, toe het Edith gepraat? -- Wil u my laat verstaan dat Edith gepraat het voor hierdie voorstel gelees was?

Ek vra u? -- Nee, maar ek sê ek het vir die eerste keer daarvan gehoor toe dit van die papier gelees word. Dit is toe beskuldigde nr. 22 dit gelees het.

U sien, dit is nou weer gestel aan 'n Staatsgetuie wat nou sou gebeur het wat nou anders is as wat jy sê. Het u dit opgeneem met die verdediging? -- Die verdediging het vir my gevra "Wat weet jy van dit?" Ek het toe vir hulle vertel waarvan ek weet.

En as iemand anders nou kom sê dat wat daar gebeur het is dat Edith het 'n nota opgestuur met 'n resolusie met hierdie voorstel dat die VCA gestig moet word, wat sê u van so 'n storie? -- Dan getuig daardie persoon van wat dié persoon wat getuig geweet het.

Ek verwys na die getuienis van beskuldigde nr. 10 op bladsy 7 792 volume 159.

<u>HOF</u> : Terwyl ons hier is, wat sê u van die stelling dat

terwyl/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

terwyl Edith besig was om te praat, mense stukkies papier opgestuur het na beskuldigde nr. 22 toe met voorstelle daarop? -- My antwoord daarop sal wees ek kan niks daaromtrent onthou nie dat dit so gebeur het nie.

MNR. FICK : Was daar enige van hierdie resolusies of papiere of voorstelle wat van die verhoog self af gekom het? -- Die papiere met voorstelle was almal daar op die verhoog gelees.

As ŉ resolusie of ŉ voorstel bespreek is, is daar gesê van wie kom die ding elke keer? -- Ek kan nie onthou dat dit so genoem was en of dit so geskryf was dat die persoon wat dit voorstel se naam op die papier verskyn nie.

Was daar op die vergadering genoem op hierdie stadium dat die Vaal Action Committee ook sy eie voorstelle opgestel het vir voorlegging? -- Nee, ek weet nie. Ek kan nie onthou nie. Al wat ek weet is, alles was daar gewees.

Het iemand daar voorgestel dat die VCA moet affilieer of saamwerk met enige ander organisasie? -- Ek weet nie wat u daarby bedoel as u sê ŉ voorstel dat VCA saamwerk met ander of van watter samewerking u praat nie, maar wat ek wel van weet is dat dit was gesê in hierdie vergadering dat die VCA samewerking sal uitvoer met ander gemeenskapsorganisasies.

Is dit gesê watter organisasies word daar nou van gepraat? -- Die organisasies van die gemeenskap.

Die hele land vol of net in die Vaal? Hoe het hulle gesê? -- Wat ek sê is die volgende. Vaal Civic Association was ŉ organisasie vir die Vaal en ek het verstaan dat dit moet aansluit of saamwerk met die ander organisasies van die gemeenskap, waar ek dan vir die eerste keer gehoor het dat dit moet affilieer met UDF. Dit is die eerste keer wat

ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ek gehoor het daar word gepraat van die UDF.

Op watter stadium het u nou gehoor van hierdie samewerking of affiliasie van VCA en UDF? -- Mnr. Mofokeng, die gewese raadslid, wat vroeër daar ꞌn toespraak gelewer het, na alles gedoen was, het hy met ꞌn voorstel gekom dat hierdie organisasie VCA by UDF moet affilieer.

HOF : Is dit nou na al die toesprake en na die besluite geneem is? -- Nee, nee, nie na alles nou verby was nie. Dit is na die bespreking van die stigting van VCA dat hy met daardie voorstel gekom het.

MNR. FICK : Het hy toe hy met die voorstel gekom het daar tussen die gehoor gestaan en sy hand opgesteek en gepraat of het hy verhoog toe gegaan of wat het gebeur? -- Van tussen die gehoor.

Dit was die eerste keer wat u van die UDF gehoor het in u lewe, as ek u reg verstaan het? -- Toe die persoon hierdie naam daar genoem het op daardie stadium.

Toe was dit die eerste keer wat u van die UDF hoor? -- Om te hoor dat so ꞌn woord uitgespreek word.

Wat was die woord? UDF of United Democratic Front wat u ore toe stop? -- Hy het gesê UDF.

Wat presies het hierdie mnr. Mofokeng gesê oor die UDF? Hoekom moet hulle affilieer of het hy niks gesê nie? -- Hy het ꞌn rede aangevoer.

Wat sal die rede wees? Het u gehoor? -- Ja, ek het.

Dit is? -- Sy rede wat hy aangevoer het was die volgende. Dat daar nou ꞌn hele lang ruk is of dit is lank wat daar organisasies gestig word in die Vaal en dit word gestig met die oog daarop dat dit nou die gemeenskap sal verteenwoordig, byvoorbeeld Bafutsana Party was gestig met die oog daarop

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat dit namens die gemeenskap sal optree omdat dit onderhandel moes word met die raadslede. Hy het toe verder gesê vir die gemeenskap om hierdie organisasie te vertrou, sal hierdie organisasie moet aansluit by UDF want Bafutsana Party was nie betroubaar nie. Dit is die rede wat hy aangevoer het hoekom hy nou voorstel dat VCA moet aansluit by die UDF, want Bafutsana Party het skielik omgedraai en met die raadslede of die Raad self gekant teenoor die gemeenskap wat dit gestig het. Dit is nou die rede wat hy aangevoer het.

Nou verstaan ek u reg, u was besig om die voorstel dat daar 'n VCA gestig moet word te bespreek, toe staan hierdie man op en hy gooi hierdie voorstel ook daar op die tafel of bring dit na vore mondeling en sê "Ons moet affilieer met UDF ook."

<u>HOF</u> : Die getuienis was na alles bespreek is oor die stigting van die VCA het Mofokeng die voorstel gemaak.

<u>MNR. FICK</u> : Was dit voor die volgende voorstel gemaak was - voor die volgende voorstel bespreek was, is hierdie ding van UDF bespreek?

<u>HOF</u> : Laat ons dit anders stel. Voordat die volgende voorstel uitgelees is deur beskuldigde nr. 22, na hierdie voorstel dat die VCA gestig word, is daar tussenin hierdie voorstel
K558 van Mofokeng dat daar geaffilieer word met UDF? -- Wat ek sê is die volgende. Na alles bespreek was en dat daar 'n ooreenstemming bereik was oor die stigting van die VCA, het hierdie persoon toe met hierdie voorstel gekom dat dit aan UDF moet affilieer.

<u>MNR. FICK</u> : En voordat julle begin het met die eerste voorstel van die stigting van die VCA, was al die papiertjies

of/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

of notas reeds opgestuur na die verhoog toe? -- Dit is hoe ek dit onthou, ja.

En die voorstel van Mofokeng het gekom na hy sy hand opgesteek het en gesê het hy wil praat? -- Dit is reg.

Dan moet ek nou aan u stel dat beskuldigde nr. 10 het in hierdie hof onder eed getuig volume 159 op bladsy 7 794 dat "It was a proposal in a note from Mr Mofokeng, the ex-councillor I have just given evidence about." Dit is wat beskuldigde nr. 10 sê. Hy sê dit is voorgestel in ŉ nota van Mofokeng. Wat sê u daarvan? -- Soos ek al vroeër gesê het, ek getuig oor wat ek onthou van my geheue en hy getuig van wat hy onthou in sy geheue wat daar plaasgevind het. Tweedens, hoe kon hy so ŉ voorstel gemaak het alvorens hy weet of daar so ŉ organisasie hier gestig gaan word.

Dit klink vir my met hierdie laaste stertjie wat u sê dat dit is verkeerd wat beskuldigde nr. 10 sê, dit is vals? -- Nee, nee, nee, dit is nie wat ek sê nie. Wat ek van hom sê is dat hy getuig sover as wat sy geheue hom toelaat, nie dat ek sê wat hy sê is vals nie.

Maar u sê dan ook in die stert van u getuienis dat dit kan nie so wees soos beskuldigde nr. 10 sê nie, want daar was op daardie stadium toe die papiere opgegaan het, kon hy nie geweet het van die VCA nie, so ŉ voorstel? -- Nee, nee, nee, ek sê dit is na die ooreenstemming aangaande die stigting van die VCA dat mnr. Mofokeng ŉ hand opgelig het en met hierdie voorstel gekom het na hy toegelaat was om te praat. Wat ek sê is dat mnr. Mofokeng sou nie hierdie tipe voorstel gemaak het met betrekking tot die samewerking en die affiliasie van VCA nie, want dit sou beteken dat hy ŉ voorstel maak van ŉ ding wat nie eers bespreek is nie.

Daar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Daar was eers 'n bespreking gewees. Die ooreenstemming van die stigting en toe het hy die voorstel gemaak. Andersins, wat ek verder vir u sal sê is dit. Beskuldigde nr. 10 getuig oor wat hy in sy geheue het. Ek kan nie daaroor kommentaar lewer nie.

Is daar enige voorstelle gemaak wat daar nie aanvaar is op die vergadering nie? -- Ja, ek onthou van een.

Watter een is dit? -- Dit was 'n voorstel deur een van die mense daar dat die VCA 'n persoon sal moet uitwys om te gaan staan vir die stemming om gekies te word as 'n raadslid. Die vergadering het dit nie aanvaar nie. Dit is die enigste een waarvan ek onthou.

Moes die VCA een persoon aangewys het om te gaan staan in die verkiesing van raadslede? Is dit wat ek van u verstaan? -- Wat die persoon voorgestel het is dat daar behoort 'n verteenwoordiger te wees van die organisasie by die verkiesing van die raadslede. Of hy nou bedoel het dat daar net een persoon moet wees of meer as een moet wees, kan ek nie sê nie.

<u>HOF</u> : Wat was die rede waarom daar besluit is om dit nie te doen nie? -- My siening van die hele ding was die volgende. Na aanleiding van Mofokeng se toespraak vroeër oor wat gebeur het met Bafutsana Party, het die mense daar gevoel dat hierdie man se voorstel is verkeerd. Nee, nee, dit mag nie so wees nie, want hy stel nou voor iets wat nou net deur hierdie vergadering toegelaat kan word nie, omdat Bafutsana Party teen die gemeenskap gewerk het nou na hulle dit toegelaat. So, dit was die rede na aanleiding van my siening van wat daar gebeur het.

<u>MNR. FICK</u> : Die man wat u van praat wat die voorstel gemaak het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het wat nie aanvaar is nie, het hy sy kant van die saak ook gestel? -- Hy het nie eers ŉ kans gehad om daar by daardie punt te kom dat hy die kant van sy storie moet vertel hoekom hy dit so verkies nie, want toe hy net begin sê het vir die mense daar "Mense, my gevoel is dat hierdie organisasie ŉ verteenwoordiger moet hê by die raadslede", het die mense onmiddellik daarop gereageer en gesê "Wag, wag, wag. Hou nou net daar op met daardie storie van jou" en toe was dit die einde van die hele ding. Hy het toe nie weer ŉ kans gehad nie.

Hierdie man wat u van praat, hoe ver het hy van u af gestaan toe hy hierdie voorstel gemaak het? -- Die persoon was net daar tussen die gehoor gewees. Ek het nie opgelet om te kan skat wat die distansie was nie.

Het u hierdie persoon gesien? -- Ja, ek het.

Want beskuldigde nr. 10 sê dit is ŉ vrou? -- Ek sê dieselfde.

U praat dan altyd van ŉ man. U kan nie nou sê dit is ŉ vrou nie? -- Ek het gesê ŉ persoon, hierdie persoon. Ek het nooit gesê hy of sy nie.

Ek verwys na beskuldigde nr. 10 se getuienis in volume 159 op bladsy 7 793. Ons verstaan verder korrek, u het vir al die voorstelle gestem? U was tevrede met die lot wat aanvaar is uiteindelik? -- Ja, baie goed.

U het dan ook aanvaar dat die VCA behoort by die UDF aan te sluit? -- Ek sê al die besluite wat daar geneem was, het ek aanvaar.

Wat het u van UDF geweet op daardie stadium toe u nou hierdie ding aanvaar het ? -- Ek het niks geweet van die UDF op daardie tydstip nie. Ek het niks daarvan geweet nie.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En u stem nog steeds daarvoor, dat julle moet affilieer met UDF wat u niks van weet nie? -- Dit is heeltemal reg, dit is so. Hier is ŉ man wat nou net kort verduidelik het wat UDF is. So, hier stem ek.

Al wat die persoon gesê het wat ek verstaan is dat as julle aansluit by UDF sal dit keer dat julle nie raak soos die Bafutsana Party nie? -- Nee, nee, nee. Die persoon het nie daarvan gepraat dat die UDF sal keer dat dit nie gebeur soos met die Bafutsana Party nie. Hy het gesê vir hierdie organisasie om betroubaar te wees teenoor die mense moet die organisasie aansluit by UDF.

Is dit al wat hy gesê het van UDF? -- Ja, toe hy nou hierdie woord van UDF gebruik het en uitgespreek het daar. Dit is wat hy gesê het.

Maar dan verstaan ek nog nie hoekom het u saamgestem nie, want wat weet u van UDF?-- Ek weet niks.

Is dit jou gewoonte om saam te stem met goed wat jy niks van weet nie? -- Luister nou mooi hierso. Hier kom ŉ persoon en sê vir jou kyk, hierdie kind het stoutigheid gedoen daar en die kind moet nou straf kry daarvoor. Dit is die punt. Die persoon sê hierso dit is lank dat ons organisasies stig hier. Maak ŉ voorbeeld met Bafutsana party en sê Bafutsana Party se stigting in sy tyd was ŉ organisasie gewees wat vir die gemeenskap gestaan het teen die raadslede, maar wat dan gebeur het is Bafutsana Party was nie aan die mense betroubaar nie. Om toe te sien dat VCA betroubaar moet wees teenoor die mense, moet VCA daar aansluit. Dit is nou die verduideliking wat die man gee. Ek stem saam met sy verduideliking. Om daardie rede stem ek vir die besluit. Omdat ek daarvan bewus was dat met die stigting en die

begin/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

begin van die Bafutsana Party, was dit bedoel vir die gemeenskap, maar op daardie tydstip het Bafutsana Party met die raadslede gekant. Dit is eintlik die organisasie wat ter bevordering is van die raadslede en met my ondervinding dat ek al vroeër gestem het vir die raadslede, het ek dus toe bewus geword van sekere dinge. Dit het ek saam met die man gestem toe hy dit so gestel het.

Die punt is net na alles, waarom stem u vir UDF sonder dat u ŉ vraag vra of uitvind wie is UDF en wat gaan hulle nou eintlik doen? -- Die persone teenwoordig daar sal ek sê die meerderheid van die mense wat saamgestem het met die voorstel van hierdie man het glo geweet van UDF. Ek was dus oorreed dat as die meerderheid dit aanvaar, dan is ook maar verplig om daarmee te stem of ek is oorreed en dan moet ek dit maar so aanvaar daar is iets goed in die ding.

Ag nee, kom nou, wat het u laat glo die meerderheid weet iets van UDF? -- Nee, nee, nee, ons moet mekaar mooi verstaan. Die hele saal daar aanvaar die voorstel van die man. Sê nou byvoorbeeld ek is in die saal en ek reageer nie daarop nie, ek bly net stil, ŉ mens wat later daar kom sal sê die vergadering het dit aanvaar. Met ander woorde ek is ingesluit, ek het saamgestem want ek was daar, al het ek stilgebly.

<u>HOF</u> : Ja, maar die vraag is of u u hand opgesteek het en gestem het vir die voorstel dat daar aangesluit word by die UDF? -- Dit is reeds wat ek sê. Ek het gestem dat daar aangesluit moet word by UDF. Eintlik het ek daarvoor daar gestem.

Dit is waaroor die advokaat u vra. -- Ek het hom lankal geantwoord en vir hom gesê ek het daarvoor gestem.

MNR. FICK/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. FICK : Die vraag is waarvoor stem u daarvoor sonder dat u weet wat aangaan van UDF? -- Ek het u voorbeelde gegee en vir u gesê hoekom ek so gestem het, toe ek ʼn voorbeeld gemaak het met ʼn kind en ʼn voorbeeld gemaak het van die verduideliking wat die man gegee het.

HOF : Is dit nie so dat u beïndruk was deur die drie grootkoppe van die UDF wat daardie vergadering toegespreek het nie en gedink het dit is eersteklas manne, ons kan aansluit by die UDF? -- Wat nou baie snaaks is en verbasend is dat ek nie eers geweet het hulle is mense van UDF nie.

MNR. FICK : Die man wat nou daar die voorstel gemaak het, het gesê UDF staan vir die gemeenskap. Is dit reg? -- Nee, maar ek het nou net vir die Hof gesê dat die man net gesê het vir hierdie organisasie van ons om betroubaar te wees teenoor die mense moet dit by UDF aansluit. Hy het niks verder breedvoerig gesê wat UDF is en hoekom UDF belangrik isi nie. Dit is al wat hy gesê het.

En u vra toe nie vir die manne voor julle stem vertel vir ons wat is nou so fantasties in die UDF wat nou die VCA gaan betroubaar maak nie? -- Ek het nie gevra nie.

Hoekom nie? -- Omdat daar baie dinge gesê was by die vergadering wat baie goeie dinge is vir my en tweedens, ek het geen rede gehad om hom te vra daaromtrent nie, want ek het nie eers geweet van UDF nie. Ek het dus geen rede gehad om hom te vra daaromtrent nie.

Ag nee, man, die blote feit dat u niks weet van UDF nie, is ʼn rede dat u moet vra voor u stem? -- Kyk, ons het daar gepraat van baie dinge, baie probleme van die mense, byvoorbeeld die huise en hier kom die mense en praat van UDF. Die mense behoort te geweet het waarvan hulle praat as

hulle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hulle praat van UDF en hulle praat van dinge waarvan ek gepraat het vroeër, dit is die huise. Hulle is die mense wat weet en ek het dit aanvaar en ek het geen goeie rede of gronde om dit te betwyfel nie. Dus het ek nie gevra nie.

Ek sal dit daar laat nou maar eers. Die resolusies of voorstelle wat uitgelees was deur beskuldigde nr. 22, daar was een oor behuising. Is dit korrek? Soos u nou gesê het? -- Ja, ek stem.

Net so terloops, die resolusies wat daar uitgelees is deur beskuldigde nr. 22, was dit in Engels gelees of in watter taal? -- In Sotho.

Almal? -- Daar is van hulle wat in Engels geskryf was wat in Engels gelees was, maar die leser daarvan het dit ook in Sotho verduidelik wat dit beteken.

Dit is nou beskuldigde nr. 22 waarvan u nou praat? -- Dit was verduidelik in Sotho. Ek kan net nie met sekerheid sê of dit nou beskuldigde nr. 22 was, die leser wat dit verduidelik het in Sotho of die voorsitter nie, maar dit was verduidelik van die verhoog af.

Hoe het u gestem oor die resolusies? Watter prosedure het u gevolg? -- Iets was gelees vanaf die voorstel. Dan word ons gevra deur die leser daarvan wat sê die gehoor nou daarvan. Dan sê ons nee, dit is hy. Dit beteken ons aanvaar dit.

HOF : U steek u hand in die lug? -- As jy net hierdie teken sien dan weet jy ons stem.

Dit is nou die teken met die gebalde vuis? -- Enigeen. Met 'n oop hand of met 'n vuis. Dit hang van jou hoe jy voel. Of met so 'n vinger. Dit hang af wat jy besluit om wanneer te doen.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Is een vinger een stem en vyf vingers vyf stemme? -- In my taal beteken dit "Ek gee jou vyf pond met dit wat jy voorgestel het. Met ander woorde, ek ondersteun dit in alle opsigte."

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K559 TEBELLO EPHRAIM RAMAKGULA, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : Mnr. Ramakgula, ons het geëindig by die resolusies. Hierdie resolusie "We pledge to strive for the unity of our people under the banner of the VCA" net eers daardie een stuk, is dit so aan u voorgelees?

HOF : In Engels of in watter taal?

MNR. FICK : U sal nie weet of hy in Engels gelees is nie. Is so 'n resolusie aan u vertaal op die vergadering voor daarvoor gestem is? -- Wat aan my vertolk was wat naby hierdie stelling is is dat die organisasie sal vir die gemeenskap werk, nie dat hulle hulleself nou verbind daarmee nie. Dit is net in die algemeen gesê dat hulle vir die gemeenskap sal werk.

En die tweede deel "to strive for co-operation and unity with our people in other areas of the country." Is dit aan u getolk? -- Wat aan my vertolk was, was dat die organisasie van VCA sal namens die gemeenskap van die Vaal die pligte uitvoer.

Was daar dan wat u betref geen resolusie dat hulle saam met mense in ander dele van die land sal werk nie? -- Herhaal daardie een dat ek hoor?

Wat u betref was daar geen voorstel of resolusie dat die VCA saam met "our people", wat dit ook al mag wees in

ander/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ander dele van die land sal werk nie? -- Daar was 'n resolusie daar aanvaar dat die VCA saam gaan werk met ander organisasies van die gemeenskap.

Ja, maar die gemeenskap pla my nou 'n bietjie. Is dit die gemeenskap in die Vaal of die gemeenskap oor die hele land? -- Ek sal dit so stel. Ons het besluit dat dit saam gaan werk met die mense se organisasies in hierdie land.

HOF : En wie is nou die mense? --Mense, ek aanvaar dit is die gemeenskap.

MNR. FICK : Maar is daar nie op die vergadering gesê wie is die mense nie? Is dit die Swartmense, die Bruinmense, die Indiër, die Blankes of almal saam nie? -- Al wat gesê was dit is mense van hierdie land wat ek vertolk as die gemeenskap van die land. Daar was nie 'n spesifieke benoeming gemaak van Swart, Wit, Indiër of Kleurling nie. Dit is net die gemeenskap.

HOF : Met die organisasies bedoel u Civics? -- Dit is wat ek verstaan het, ja.

MNR. FICK : Is daar niks gepraat van jeugorganisasies en vroue-organisasies wat die VCA mee saam sal werk nie? -- Niks daarvan was gesê nie.

En dan die laaste deel van hierdie stuk wat ek aan u wil lees, dit is steeds die VCA wat "pledge to strive". "To co-operate with genuine people's organisations in the country." Is daar so 'n voorstel aan u getolk op die vergadering?

MR BIZOS : Is the suggestion that this was put as a separate resolution?

MNR. FICK : Ek vra die getuie.

HOF : Moet u nie die hele sin lees as een sin van begin tot end en sê is dit aan jou getolk nie? Want as u elke keer

drie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

drie woorde het, kan 'n mens heeltemal 'n verkeerde beeld kry.

MNR. FICK : Ek sal die hele ding vir u lees. "We pledge to strive for the unity of our people under the banner of the Vaal Civic Association, to strive for co-operation and unity with our people in other areas of our country and to co-operate with genuine people's organisations in the country." Dit is die heel laaste geskrewe deel op AN13. -- Ja, daar was so 'n resolusie gewees wat dan aanvaar was.

Hy was seker bespreek voor hy aanvaar is? -- Ja, dit is so.

Wie het hom bespreek? -- Wat ek weet is dat die resolusies was gelees vanaf 'n stukkie papier en toe bespreek deur die mense in die vergadering. Deur wie dit voorgestel was sal ek nie kan sê nie.

Het iemand die voorstel gemotiveer in die vergadering, hoekom daar so 'n resolusie moet wees? -- Ek het alreeds vroeër gesê dat daar resolusies was wat byvoorbeeld in 'n Blanketaal gestel is en dit was oorgetolk aan ons, mense soos ek, wat nie die Blanketaal verstaan nie, op so 'n manier dat almal moet verstaan wat daar beteken word en wat dit alles betrek en hoe dit verstaan moet word.

Hoe is aan u verduidelik hoe moet hierdie laaste deel verstaan word? -- Wat ek verstaan het is dat hierdie organisasie sal moet saam werk met ander organisasies, soos ek nou net geantwoord het op die Hof se vraag dat hierdie organisasie saam sal werk met ander "civics", byvoorbeeld Soweto Civic.

Is daar in hierdie bespreking nie dalk verwys na die UDF nie? -- Nee, wat daar gesê was is dat die organisasie

by/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

by UDF sal affilieer. Daar word nie gesê dat die organisasie met UDF sal saamwerk nie.

Is daar gesê hoe die organisasies sou saamwerk? -- Daar word net gesê ons sal saam werk. Waaroor, onder watter omstandighede, word nie gesê nie.

Was dit ook nie gesê vir watter doel julle gaan saam werk om wat te bereik nie? -- Kyk, dan sal ek vir u moet sê wat ek dink daarby bedoel word sonder dat dit daar gesê word.

HOF : Nee, ons stel nie belang in wat u gedink het nie. Op die oomblik wil ons nou net weet wat u gehoor het? -- Wat dan daar gebeur het is dat ons gaan saam werk met ander organisasies van mense.

MNR. FICK : Het daar niemand in daardie hele gehoor opgestaan en gesê "Nou voor ons nou hieroor stem, wil iemand nie net vir ons vertel hoe ons gaan saam werk en vir watter doel ons gaan saam werk voor ons stem nie?" -- Nee, dit het ek nie gehoor nie.

En nou in hierdie stuk word daar gepraat van die "genuine people's organisations". Is dit uitgelê vir u wat se ding is ŉ "genuine people's organisation"? --Nee, dit was nie verduidelik nie, maar ek het my eie afleiding gemaak dat hulle dalk praat van die "civics", byvoorbeeld die Soweto Civic Association.

MR BIZOS : I do not want to interrupt My Learned Friend. Accused no. 10, Mr Vilakazi, has been absent since 14h00 this afternoon for the health reasons that Your Lordship ... (Court intervenes)

COURT : Is he going to stay absent?

MR BIZOS : He will stay absent for a number of days.

MNR. FICK : Ek wil dan met u gaan na die verkiesing van

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die beamptes van die VCA. Die voorsitter ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Kan ek net ŉ ding vra hier. Ek het die indruk gekry asof daar by die besluite wat geneem is op die vergadering heelwat besluite is wat weier loop as die blote omstandighede daar in die Vaal en dat dit besluite is wat eintlik meer van nasionale belang as van plaaslike belang is. Het dit u nie opgeval nie? -- Ek sal sê tot ŉ mate het dit my ook bygeval in die sin. In die Vaal het ons mense wat werknemers is wat byvoorbeeld afkomstig is van die Ciskei wat aangeraak was deur gebeurtenisse in die Ciskei waar die mense op ŉ stadium opgesluit was en die mense daar nie goedkeuring gegee het aan sekere dinge wat daar plaasgevind het nie en dus hierdie mense geraak het wat saam met ons by die vergadering. As dit geopper word by hierdie vergadering dat hierdie vergadering ŉ besluit neem van wat daar gebeur het, het dit wat my betref betrekking op nasionaal in die land.

MNR. FICK : Net om daarby aan te sluit, voor ek by die verkiesings kom. Daar was ook ŉ resolusie gewees in verband met die Presidentsraad se voorstelle, konstitusionele voorstelle. -- Kan u aan my verduidelik wat dit beteken?

Laat ek vir u so vra. Is daar ŉ resolusie aanvaar in verband met die Presidentsraad se voorstelle oor die grondwet? -- Ek verstaan nie wat die vraag is nie. Ek weet nie waarvan praat die Staatsadvokaat nie, maar wat ek wel gehoor het wat daar gemeld was, was die Koornhof, Koornhof se wette, Koornhof, Koornhof se wet. Ek weet nie of dit dit is waarvan u nou praat nie. As u dit miskien mag verduidelik?

HOF : Ek sal vir u lees wat die advokaat van praat. Daar is ŉ besluit aanvaar en ek gaan ŉ paar woorde weglaat

"Condemn/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

"Condemn and reject the President council's constitutional proposals." Ek het nou ŉ paar woorde uitgelaat? -- Ja, ek het gehoor van ŉ voorstel in daardie lyn dat daar so ŉ voorstel is wat betrekking het met die verkiesing van die raadslede wat in die lyn was om in werking gestel te word.

MNR. FICK : Maar het u enigiets gehoor in verband met die parlement, drie-kamer parlement en dié tipe van goed? Was daar enige resolusies daaroor? -- Ja, daar was so iets gesê.

Hoe is dit gemotiveer? -- Ek het vir sekere dinge gestem destyds daar, omdat ek dit nog verstaan het. Dit was nog vars in my geheue, dat ek in staat was om dit te vertolk vir my self hoekom ek dit so verstaan, maar weens die verloop van die tyd op die oomblik terwyl ek nou hier staan, is ek nie in staat om dit te kan sê nie. Met die gevolg ek kan nie vir u presies sê wat daar gesê was nie.

Hierdie resolusies van die Vaal Civic Association is in die verklaring vervat seker? U het seker in u verklaring daarvan gepraat toe u u verklaring afgelê het, u eie verklaring? -- Ek het melding gemaak van dit wat ek nog onthou het op daardie tydstip.

Maar het u in die verklaring nie BEWYSSTUK AN13 behandel nie? -- Ek kon dit nie behandel het nie, want daardie ding moes ŉ mens gelees het om dit met die advokate te behandel.

Het u dit nie gedoen nie? -- Ek het dit nie gedoen nie. Ek het net aan hom verduidelik van die besluite waarvan ek kennis gedra het daar.

Kom ons gaan oor na die verkiesing toe van die beamptes van die VCA se uitvoerende bestuur. Ons weet McCamel is verkies as die voorsitter. -- Ja, ek stem saam.

Kan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Kan u vir die Hof sê hoe dit gebeur het dat hy verkies is? Wat was die prosedure? -- As ek reg onthou was die organisasie eers gestig en daarna was dit bespreek wat se organisasie se pligte gaan wees. Na dit bespreek was, is die besturende komitee daarvan toe verkies.

Ons praat net eers van die voorsitter. Hoe het dit gekom dat die voorsitter McCamel gekies is? Wat het daar gebeur? -- Toe die tyd gekom het dat daar mense gekies moet word, was daar nominasies gedoen. McCamel se naam is toe genomineer asook Raditsela en nog 'n derde persoon wie ek nie ken nie. Daar was toe gestem gewees. McCamel het meer stemme gehad en toe Raditsela wat tweede was. Met die gevolg dat hulle toe die persone was wat gekies was in die besturende komitee.

Was daar iemand wat die verkiesing van die lede beheer het? In beheer was van die verkiesing daar op die vergadering? -- Ja, daar is mense wat getel het daar.

Maar was daar voor die tellery begin het iemand wat in beheer was en gesê het "Kyk, ons gaan oor tot die verkiesing van mense en dit is die prosedure wat ons gaan volg"? -- Wat ek sê is wat ek daar gesien het. Ek het niemand gesien wat ek kon beskou het as 'n persoon in beheer van die verkiesings nie. Wat ek wel gesien het was dat daar mense was wat getel het. Ek weet nou nie of daardie mense beskou word as die leiers of die voorsitter van die verkiesings nie. Al wat ek kan sê is, hulle het gesê hoeveel tellings daar is.

HOF : Was daar nie iemand wat opgestaan het en gesê het "Nou vra ek vir nominasies vir voorsitterskap" nie? -- Ek sê presies so. Daar was gepraat gewees daarvan dat ons nou mense kies wat in die besturende komitee gaan wees van

hierdie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hierdie organisasie.

Maar wie het dit gesê? -- Dit is juis wat ek sê. Ek kan nie onthou wie daardie persoon is nie, maar daarna was daar mense gewees wat getel het.

MNR. FICK : Kan u vir ons sê wie was die tellers? -- Wat ek opgemerk het daar op die verhoog was dat mnr. Shabangu behulpsaam was by dr. Motlana.

Sê u nou mnr. Shabangu en dr. Motlana was altwee tellers of het die een die ander een gehelp? -- Ek sê dit is die twee wat ek onthou van die persone wat getel het daar.

Was daar meer tellers? -- Dit kan wees, maar ek onthou net van die twee.

HOF : Is daar gestem by wyse van opsteek van hande? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : En het iemand op die ou end gesê wie is die voorsitter, wie het nou die voorsitterskap gekry na die stemmery? Het iemand gesê die uitslag is die volgende? -- Tussen die twee, dit wil sê Shabangu en Motlana waarvan ek reeds gepraat het, het een van hulle dit genoem.

Wie? -- Ek sê tussen die twee. Wie van die twee dit gedoen het weet ek nie.

Toe hierdie verkiesing aan die gang was, was mnr. Nkondo nog daar gewees of was hy al weg gewees van die vergadering af? -- As ek reg onthou was hy nog daar.

Hy het net die verkiesing gade geslaan? Het hy net gesit en kyk hoe gaan die verkiesing aan? -- Ek het nog nooit gesê wat Nkondo daar gesit en doen het tydens die verkiesings nie. Ek praat net van wat ek onthou dat hy daar was.

Maar die vraag is mos nou wat het hy gedoen? -- Ek weet nie.

Toe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Toe hierdie verkiesings nou afgehandel is, het iemand darem nou die nuwe bestuur geluk gewens? -- Al kan ek nie met sekerheid pertinent sê dat daar wel so 'n persoon was nie, was dit 'n gewoonte tussen die Swartmense dat as dit gedoen is, dan sal daar iemand wees wat mense geluk wens.

Was dit nie dr. Motlana wat dit gedoen het nie? -- In my vorige antwoord het ek dit duidelik gemaak dat ek nie weet nie, maar dit is 'n gewoonte. Dit kon gebeur het.

Die hele bestuur is toe verkies en het die nuwe bestuur gepraat, die vergadering toegespreek? -- Nee, ek wil nie myself vaspen nie. Ek het nie gehoor nie.

Ek wil net 'n paar aspekte van die vergadering nog met u opklaar. U het vir die Hof gesê toe hierdie resolusie aanvaar is dat VCA gestig sou word, was daar 'n bespreking oor wat die organisasie se pligte sou wees? -- Dit is wat ek sê.

Eerstens, wie het hierdie pligte bespreek? -- Ek kan glad nie onthou wie die persoon is nie.

Was dit een van die verhoog of van die vloer af? -- Ek kan nie onthou of dit nou van die verhoog af gekom het of van die gehoor af nie.

Tweedens, wat is bespreek, wat gaan hierdie organisasie se pligte wees? -- Ek kan onthou van sekere dinge, byvoorbeeld die eerste ding was oor die huise. Die eerste ding wat ek onthou natuurlik. Nie dat ek sê die eerste ding wat bespreek was, was dit nie. Die eerste ding wat ek beskou was oor die huise.

Wat is oor die huise gesê? Wat is die organisasie se pligte met betrekking tot huise? -- Dat die organisasie sal moet kyk na die huise in die sin dat dit goedkeuring moet

gee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gee van huise wat eintlik gepas is vir die gebruik van mense. Dit is huise wat ŉ beskerming het. Daar was ook gepraat van paaie.

Net voor u by die paaie kom. Ek sal vir u die reël lees dan sê u vir my of dit inpas by wat u besluit het.

HOF : Laat ek nou net eers begryp wat die getuie sê. Hulle moet huise goedkeur wat gepas is vir menslike gebruik. Waar moet hulle die huise goedkeur? -- In die Vaal as geheel. Dit wil sê om te gaan kyk na die regte tipe strukture van die huise met ŉ goeie beskerming van mense wat dit bewoon en tweedens, huise wat genoeg sal wees vir die gemeenskap se gebruik.

Laat ek nou net duidelikheid kry. Was die gedagte dat die bestaande huise in hulle bestaande vorm ontoereikend is en dat daar ŉ ander soort huis gesoek moet word in die Vaal? -- Ja en eintlik was dit dat die huise min is vir die gemeenskap van die Vaal. Die huur wat die mense betaal vir hierdie huise is te swaar of kan nie bekostig word deur hierdie mense nie. Die beskerming wat ek van weet is, byvoorbeeld as ŉ mens ŉ huis bewoon, dan moet daardie persoon beskerm word teen hierdie tipe dinge wat byvoorbeeld met my gebeur het. Hier is ek in ŉ huis wat ek bewoon. Hier kom die mense en hulle vat sommer die deur weg en ek slaap die hele nag sonder ŉ deur. Die beskerming wat ek van praat is teen sulke tipe dinge wat daar plaasgevind het.

Ja-nee, ek vra u nie oor die beskerming nie. Ek wil net duidelikheid kry oor die huise. Was die gedagte gewees dat die bestaande tipe huis in die Vaal ontoereikend is, dat al die huise dus afgekeur moet word en daar ander tipe huise gebou moet word? -- Dit is nie ŉ kwessie van daar moet

weggedoen/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

weggedoen word met van die huise nie.

Dan het ek u nie begryp nie.

MNR. FICK : Wat van die huise het julle gesê wil julle hê? Wat moet die organisasie doen oor die huise? Wat moet hulle fisies gaan doen? -- Laat ek vir u sommer van die begin af vertel hoe ek dit verstaan het. Daar is huise wat bestaan daar wat alreeds gebou is. Daar is mense wat in die huise woon. Die inwoners van hierdie huise is nie beskerm nie, in die sin dat enige tyd kan hy uit die huis gesit word. Die rede daarvoor sal wees omdat die persoon nie die huur kan bekostig nie. As gevolg van die feit dat hy agterstallig is, word hy uit die huis gesit. Tweedens, die huise se grootte was die een probleem. Hulle was te klein. (Tolk deel Hof mee dat die woord deur die getuie gebruik eintlik dubbelsinnig is) Wat ek eintlik bedoel is, die getal van huise is minder as die gemeenskap wat daar woon. Wat die organisasie na moes omsien was dat daar genoegsame huise is en huise wat die gemeenskap kan bekostig om voor te betaal.

En het julle bespreek hoe die organisasie dit gaan bereik? -- Die organisasie sou dan toegesien het om in verbinding te tree met die Administrasieraad, dit wil sê die Blankes in beheer van die lokasies om daardie ding reg te stel.

Het julle besluit om die raadslede te ignoreer? -- Ek sal eers vir myself praat. Ek het dit duidelik gemaak .. (Mnr. Fick kom tussenbei)

Nee, ek wil nie weet wat u gedink het nie. WAt het julle besluit)

MR BIZOS : With respect, if the witness wants to explain his personal position he is entitled to do so.

COURT/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

COURT : No, he was asked what was the resolution. If there was no resolution, there was no resolution. Was daar 'n besluit? -- As ek die Hof mag reghelp. Ek sal eers by myself begin. Ek wou niks te doene gehad het met die raadslede nie, met die gevolg by hierdie vergadering, het die gemeenskap as geheel dit duidelik gemaak dat hulle niks te doene wil hê met die raadslede nie.

MNR. FICK : Dan sê u - is daar nie geopper op hierdie vergadering maar ons kan nie die raadslede ignoreer nie, ons gaan deur die Administrasieraad eenvoudig net na die raadslede verwys word? -- In daardie jaar was daar gepraat daarvan dat daar raadslede gekies gaan word. Dit is voor hulle gekies was. Intussen, hier is hierdie vergadering en die mense sou die Administrasieraad dan gaan spreek het. Met die gevolg is, daar sou 'n voorstel gewees het aan die Administrasieraad dat die Administrasieraad liewers moet terugkom en beheer oorneem van die gebiede. Dit sou geskied het voor hierdie verkiesings.

HOF : Dan sou daar geen verkiesings wees nie? -- As die organisasie die Administrasieraad gaan sien het voor die verkiesings, dan was dit iets anders, maar as die organisasie die Administrasieraad gaan sien het na die dag van die verkiesing en daar was niemand gekies op die raadslede nie, dan sou daar nie 'n raadslidvereniging bestaan het nie. Met die gevolg, dit sou beteken dus dat die organisasie direk met die Administrasie sal moet onderhandel oor hierdie aspek.

Was die gedagte dan dat die Administrasieraad gespreek sou word voor die verkiesings of na die verkiesings? -- Die verstandhouding daar was dat daar 'n tydelike komitee was gekies, dit is die besturende komitee van die organisasie.

Dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Dit was nog nie besluit dat daardie komitee nou die komitee gaan wees wat permanent gaan dien daar tot verdere verkiesings nie. Dit was met die verstandhouding dat daar ŉ bestaande raadslidvereniging is wat daaroor beheer uitgeoefen het, maar daar was nog verkiesings wat kom. Dit wil sê, daar sou ander raadslede verkies word indien dit plaasgevind het. Intussen, hierdie tydelike komitee sal nog nie kans gehad het om met die Administrasieraad direk te gaan onderhandel nie. Dit sou dan afgehang het van die mense wat gekies word in die raad, dit wil sê nuwe raadslede. Dan daarna sou daar ŉ permanente besturende komitee verkies word op die organisasie, wat dan besluite sou geneem het wie om te nader indien daar raadslede bestaan het, dit wil sê die Administrasieraad of die raad self. Hulle sou hulle eie besluit geneem het wie om te gaan spreek aangaande hierdie aangeleenthede.

Nou wanneer was die gedagte sou daar ŉ permanente bestuur gekies word? -- Die datum was nog nie bepaal waarop dit sou plaasgevind het nie. Alles was oorgelaat aan die mense wat daar verkies was.

Het julle gedink dit gaan ŉ jaar duur? -- Nee, dit sal ek nie weet nie. Net die persone wat gekies was, sou dit geweet het want alles was oorgelaat aan hulle om te besluit.

MNR. FICK : Toe u begin antwoord het, het u daarvan gepraat u wil nie die raadslede hê nie, julle sal vra dat die Administrasieraad moet terugkom. -- Ek sê so.

Het julle dan so ŉ resolusie op die vergadering geneem dat dit is wat julle eintlik wil hê, julle gaan vra - dit is een van die take van die VCA dat hy moet vra dat die Administrasieraad moet terugkom? -- Nee, dit sou nie ŉ

plig/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

plig gewees het van die VCA nie. Dit was die gevoel van die gemeenskap by hierdie vergadering dat die gemeenskap as geheel nie meer tevrede was met die raadslede nie. Ek wil hê u moet so verstaan. Dit sou van die gemeenskap af gekom het na die mense wat hulle gekies het om vir die mense wat hulle gekies het te stuur om dit oor te dra. Nie dat die mense wat gekies is op hulle eie sal moet besluit nie.

Maar was daar so 'n resolusie dat die mense wat gekies is sou gaan vra het op versoek van die mense wat hulle gekies het dat die Administrasieraad moet terugkom? -- Wat ek sê is dat toe die gemeenskap besluit het oor die stigting van hierdie organisasie, is dit omdat die gemeenskap dit duidelik gehad het dat die gemeenskap nie tevrede is met die werk van die raadslede nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 26 FEBRUARIE 1987.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.